# Nederlandse emigrante op Wonderfontein 1928-1969 – ‘n suksesvolle mislukking onder die vaandel van stamverwantskaps- en ekonomiese motiewe[1]

*ELIZE S. VAN EEDEN*[♦]

‘n Nederlandse verbintenis met Suid-Afrika en Suid-Afrikaners strek reeds oor eeue heen. Teen die eerste dekades van die 20e eeu het omstandighede al geheel anders daaruit gesien as ‘n millennium of wat tevore. Met Brittanje aan die stuur in Suid-Afrika was spontane samewerking en skakeling met Nederland eerder ‘n uitsondering as die reël. Die vestiging van Nederlanders in die hedendaagse Carletonville-gebied in 1928 op die plaas Wonderfontein 1928 – wes van Krugersdorp in die Gauteng Provinsie – is só ‘n uitsondering.

Hierdie mikrogeskiedenis, van naderby beskou, laat die 21e eeuse mens met vrae soos:

- Watter aangeleenthede en inisiatiewe het aanleiding gegee tot die vestiging van Nederlandse emigrante in Suid-Afrika, en dan bepaald in die Carletonville-gebied?
- Waarmee het hierdie nedersetters in Carletonville-gebied hulle sedert 1928 besig gehou, en wat was die rol van die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland (ZASM) in die proses?
- Kan die Wonderfonteinprojek, gesien in die lig van stamverwantskap en ekonomiese motiewe, as ‘n suksesvolle mislukking beskou word?

---

1. Referaat gelewer by die tweede Bilaterale Nederlands-Suid-Afrikaanse Historiese Konferensie, Wassenaar, Den Haag, Nederland, 6-8 Julie 2000.

♦ Prof. Elize S. van Eeden is verbonde aan die Skool vir Sosiale Studies, vakgroep Geskiedenis, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Haar mees onlangse publikasie is saam met prof. J.L. van der Walt getiteld “Creating a future for History within South Africa’s Curriculum 2005” in *Journal for Theory and Research in Social Education*, Birmingham,USA, 28(1), 2000. Sy is tans besig met navorsing oor die historiese ontwikkeling en invloed van onderskeidelik die PU vir CHO en die Kohler verpakkingsmaatskappy.

*Historia*, 46(1), Mei 2001, pp. 54-91.

Die vestiging van Nederlandse emigrante op Wonderfontein was in die tyd een van die vernaamste agendapunte van dialoog tussen die Nasionale Party regering van Suid-Afrika en die Nederlandse organisasie, die ZASM. Dit geld ook vir die ZASM se besprekings rakende hul projekte tydens bestuursvergaderings. In hierdie dialoog staan beide die stamverwantskapsidee en ekonomiese motiewe in die emigrasieproses sentraal. Die een mettertyd 'n mislukking vir sover dit Wonderfontein betref, en die ander 'n suksesvolle mislukking. Die redes vir hierdie ironiese situasie word in die bespreking uitgewys.

## 1. Nederlanders in die Carletonville-gebied

### 1.1. Nederlandse sigbaarheid in Suid-Afrika - 'n voëlvlug tot 1927

Nadat Brittanje die Kaap in 1806 vir die tweede keer beset het, het verhoudinge tussen Nederland en die stamverwante/bloedverwante van Nederland op Suid-Afrikaanse bodem geleidelik 'n nuwe fase betree. Die standhoudendheid van hierdie verbintenis blyk sterk verkleef te wees aan die Boer-Brit konflik in 1877, en weer in 1899. Nederlandse nasionalisme, so word gesê, was een van die grondliggend redes vir hierdie land se assosiasie met die Afrikaner stamverwante.

As uitvloeisels hiervan is die stigting van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) in 1881, gevolg deur die Algemeen Nederlandsch Verbond (ANV) in 1896, welbekend. Inisiatiewe in hierdie rigting het onder meer ten doel gehad om veral 'n Hollandse Transvaal (grense van die vroeëre Zuid-Afrikaansche Republiek) te koester.[2] Na die Vrede van Vereeniging in Mei 1902 tussen Engeland en die Boererepublieke in Suid-Afrika, was 'n Nederlandse betrokkenheid en belangstelling in stamverwante aan die suidpunt van Afrika effe op die agtergrond. Kuitenbrouwer, aangehaal deur De Graaff, tipeer dit as dat: "de betoonde Boerenliefde voor een groot deel uiting was van Nederlands eigenbelang".[3] Gebrekkige literatuur rakende Suid-Afrikaaanse-Nederlandse verhoudinge tussen veral die periode 1911 tot 1936 word voorgehou as een van die redes vir De Graaff se bevestiging van Kuitenbrouwer se opmerking. Binne die aktiwiteite van die NZAV en die ANV is die stamverwantskapsidee

2. B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners, 1902-1930*, (Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam, 1993),Ipp. 3-5, 8. Op p.7 vermeld die skrywer ook etlike voorbeelde van Nederlandse sigbaarheid in die ZAR-ekonomie, -politiek en –onderwys. Vergelyk ook J. PLOEGER, *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, (J.L. van Schaik, Pretoria, 1994), pp.7-23; J. PLOEGER, *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, p.21

3. B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap…*, pp.8-10,11.

gedurende die eerste drie tot vier dekades van die 20e eeu met moeite, en finansieel sukkelende, voortgesit.[4]

In teenstelling met De Graaff, wat na die tydperk 1910-1929 verwys as die ZASM-tydperk het Ploeger in sy publikasie wat in 1994 verskyn het, getiteld *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, na die tydperk 1902 tot 1940 verwys as die vierde emigrasiefase na Transvaal.[5] Nederlanders se empatie met die daarstelling van private Christelik Nasionale Onderwysskole, 'n hulpverlening met mediese dienste en die voorsiening van onderwysers maak deel hiervan uit. Gedurende die periode 1924 tot 1938 het 6 750 Nederlanders hulle in Suid-Afrika kom vestig. Ploeger kwalifiseer die emigrasiesyfer verder deur te noem dat tussen 1924 en 1930 1019 Nederlanders (dus sowat 145 per jaar) hulle in Suid-Afrika kom vestig het.[6] Volgens De Graaff het 960 Nederlanders tussen 1927 en 1930 in Suid-Afrika gevestig (sowat 240 per jaar), wat sowat 8% van die totale Nederlandse bevolking in Suid-Afrika uitgemaak het.[7] Hoe dit ookal sy, die Wonderfonteiners het deel hiervan gevorm en hierdie tendense se 'indrukwekkendheid' of traagheid is veral te meet aan die emigrasiepatrone van landverhuisers vanaf elders.[8]

Emigrantevestiging, na byna twee dekades van gereserveerde Nederlandse betrokkenheid in die Suid-Afrikaanse doen en late, is gewyt aan:

i) 'n assosiasie met Afrikaner nasionalisme wat vanaf 1914 sterk op die voorgrond getree het;

ii) die betrokkenheid en invloed van Nederlanders in beroepe en veral opvoedkundige instansies; en die

4. *Ibid*., p.13.

5. *Ibid*., pp12-17. ZASM staan vir die Vereeniging Zuid-Afrikaanse Stichting Moederland wat in 1909 uit Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatscappij (NZASM) ontwikkel het.

6. J. PLOEGER, Nederlanders in Transvaal, 1850-1950, p. 25.

7. B.J.H. DE GRAAFF, De mythe van de stamverwantschap... p.275.

8. Indien die handelsbetrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika teen 1930 ook as maatstaf vir verhoudinge en emigrasiepogings tussen beide lande geneem kan word, lyk die statisiese prentjie nie besonder indrukwekkend nie. Die persentasie invoer van Suid-Afrika vanaf Nederland was toe maar 1.8 en die uitvoer na Nederland 1.6 van die totaal. Vergelyk G. Verhoef, "Handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland in historiese perspektief, 1910-1990: Vryhandel en neutraliteit in die twintigste eeu", 2e Bilaterale kongres tussen Nederland en Suid-Afrikaanse historici, 6-8 Julie 2000, Wassenaar, Den Haag, pp.4, 7.

ii) wêreldwye ekonomiese insinking van 1929 tot 1936 wat ook Nederlanders na beter weivelde laat soek het.[9]

Nederlanders se vestiging op die plaas Wonderfontein (voorheen bekend as deel van die wyk Gatsrand in Potchefstroom distrik en tans deel van die plaaslike owerheidsgebied Carletonville) vanaf 1928 val binne hierdie vierde fase van vestiging soos deur Ploeger voorgehou.

Die ZASM, en die NZAV as frontorganisasie daarvan, was sedert 1919 aan die voorpunt van inisiatiewe om Nederlandse emigrasie aan te moedig.[10] Hiervoor het die ZASM-sekretaris prof. J.W.Pont in 1919 en in 1927 Suid-Afrika kom verken met die oog op die verbetering van betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika. De Graaff is van oordeel dat Pont hom besonder beywer het vir die bevordering van Afrikaner nasionalisme.[11] Die NZAV volg hierna ook inisiatiewe op. ‘n Ontvolkte platteland en verstedelikte Afrikaner het by Pont en die NZAV ‘n belangstelling gewek in moontlike projekte vir Nederlandse emigrasie in die plattelandse gebiede van Suid-Afrika.[12] Seuns van boere wat glo in Nederland gesukkel het om grond te bekom om ‘n selfstandige bestaan te maak, maar oor genoegsame kapitaal beskik het om ‘n heenkome in Suid-Afrika te vind, is aangemoedig om te emigreer waar ontvolking van die platteland waargeneem is.[13] In Desember 1926 is emigrasie-inisiatiewe verder gevoer toe die NZAV en plaaslike Nederlandse landbouorganisasies ‘n kommissie na Suid-Afrika gestuur het om die moontlikheid van die verhuising van Nederlandse boere te ondersoek. Hierdie benadering was effe anders as in die verlede waarin die fokus aansienlik meer op intellektuele beïnvloeding en ondersteuning afgestem was.[14]

In 1919 het die direkteur van besproeiing in Suid-Afrika, F.E. Kanthack, die potensiaal van besproeiingsgrond vir die landbou uitgewys en die wyse waarop nedersetters te werk kon gaan om op

---

9. W.J. DU P. ERLANK, Die verhoudinge tussen Suid-Afrika en Nederland (persoonlike indrukke), *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns*, Genl. J.B.M. Hertzog-gedenklesing V, Pretoria, 11 April 1975, pp.6-8; J. PLOEGER, *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950*, p. 26.

10. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), Hypotheek Maatschappijen, Band 4(1), Memorandum by F.E. Kanthack (Director of Irrigation for the Union of South Africa), Irrigation & land settlement in the Union of South Africa, 17 July 1919, pp.1-16.

11. B.J.H. de GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap...*, pp.174-190, 217-218.

12. *Ibid*., pp. 198-205.

13. Vergelyk B.J.H. de GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap...*, p.276.

14. Vergelyk B.J.H. de GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap...*,p.276; *Die Volkstem*, 6 Desember 1929; Anon., Verslag Wonderfontein, 15 April 1946, p.1.

sodanige grond te vestig.[15] Hierop het gevolg die Nederlands-geïnspireerde Van Beeck Vollenhoven kommissie-verslag wat landbou in Suid-Afrika as besonder gunstig uitgewys het. Propaganda is gemaak vir emigrasie na Suid-Afrika: 'in het bijzonder als land voor boeren'. As voorbeeld is voorgehou die twee redelik suksesvolle landbougerigte groepsemigrasies in onderskeidelik Natal (die Nieuw Gelderland nedersetting) en Transvaal (die Dullstroom nedersetting). Daarop is die NZAV–tak te Johannesburg se Landbouafdeling betrek om belangstellendes van inligting te voorsien en moreel by te staan. Groepsemigrasie, met die visie van samewerking binne 'n koöperatiewe landbou-ekonomiese bestel, is aangemoedig. Enersyds om 'n blywende Nederlandse samehorigheid in die vreemde te koester. Andersyds om Nederlandse boere te help wat nie finansieel by magte was om die kapitale uitleg te maak waarin elk selfstandig kon funksioneer nie. In Nederland en elders in Europa was 'n bekendheid met die koöperatiewe begrip reeds alledaags. Daarteenoor is die Afrikaanssprekende landbougemeenskap se kennis van koöperatiewe samewerking as beperk beskou.[16] Teen hierdie agtergrond is 'n Nederlandse belangstelling in die plaas Wonderfontein in 1928 gevestig.[17]

Teen hierdie stadium was verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse en Nederlandse regering meer konkreet. In 1927 is diplomatieke betrekkinge geformaliseer. Soos in die geval met die Nederlandse regering het Suid-Afrika ook teen 1929 die droogte, gevolg deur 'n erge depressie, deurleef.[18] Van aktiewe politiek tussen beide was daar egter weinig sprake van. Bestaande bande, soos die wel en weë van groepsemigrasie, is wel met voorbehoud na omgesien deur Nederlandse verenigings wat daarin die leiding geneem het.

---

15. NEDBANK ARGIEF, Hypotheek Maatschappijen (HM),Band 4(1), Brosjure van F.E. Kanthack, "Irrigation & land settlement in the Union of South Africa",1919.

16. Van die heel eerste nasionaalgedrewe koöperatiewe bedrywe in Suid-Afrika word met die melkerybedryf geassosieer. Hierdie bedrywe is eers in die laat negentigerjare van die 19e eeu gevestig, en wel op inisiatief van boere van Skotse oorsprong. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, *'n Terugblik op 100 jaar in die Suid-Afrikaanse suiwelbedryf. NCD/Clover S.A., 1899-1999*, Hoofstukke Een en Twee; *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika*, 20 Junie 1931, pp. 5, 7.

17. Vergelyk Argief van die Nederlandsche Zui-Afrikansche Vereeniging (NZAV), Amsterdam, Nerderland, Afdeling xi(A), Overdrukken, pamfletten, brochures etc., waarin etlike publikasies aangedui is wat die emigrasieperiode na Suid-Afrika bevestig.

18. B.J.H. DE GRAAFF, De mythe van de stamverwantschap…, p.273.

### 1.2. Nederlandse emigrante in Wonderfontein, 1928-1930 – botsende missies en ideale

Met Pont se tweede besoek in 1927 aan Suid-Afrika, is inisiatiewe om: 'op cultureel gebied onzen, d.i. den Nederlandschen invloed te versterken', prakties ten uitvoere gebring. Hierdie redelik langsame proses is met die grootste vertroulikheid hanteer. Die jong Hertzog-regering is hierdie keer ook suksesvol betrek, maar hulle lojaliteit sowel as die finansiële toekenning wat vir die groep se emigrasieondersoek bewillig is, was vir die publiek en opposisie verswyg. Pont het aan Nederlandse kollegas rapporteer dat die Suid-Afrikaanse minister van landbou, J.C.G. Kemp, het hom so daaroor uitgelaat het:

> Alle mogelijke faciliteiten wil Kemp geven aan Veldman, als hij uitkomt, maar een regeringsopdracht… hij zou wel willen, als de oppositie loyaal was. Maar, als de oppositie merkt, dat aan een vreemdeling ook maar de kleinste opdracht gegeven is, dan vliegt ze op.[19]

Freerk Veldman waarna verwys word, was een van die lede van die reeds vermelde Van Beeck-Vollenhoven kommissie. Hy is beskou as die aangewese persoon om onder meer die potensiaal van groepsemigrasie na Suid-Afrika te ondersoek. Allerweë was die motivering hiervoor ook sy inisiatief.[20] Dit is ook Veldman wat die inisiatief agter die Wonderfonteinse nedersetting van Nederlanders in Carletonville-gebied was. Bygesê, Veldman het Wonderfontein as potensiële gebied vir emigrante voor P.M. Burgers van Woltheze 'weggeraap' nadat hy laasgenoemde se omsendbrief hieroor ontvang het waarin nedersetters aangemoedig is om onder die leiding van Burgers daarheen te trek.[21] Dié is weer 'n ander komplekse verhaal van ekonomiese toutrekkery om te verseker dat die ZASM die reklamevoordeel trek na redelik baie navorsing van hulle kant af onderneem is om die waarde van groepsvestiging te ondersoek.

As Groningse boer was Veldman wel bekend, en is geglo dat hy as skakel kon dien tussen veral die 'jonge Groninger boerezoons en Afrika…'.[22] Soos die moederliggaam die ZASM het Veldman ook sy

---

19. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Notule Der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging [Johannesburg],Verslag Hoofdebestuursvergadering, 22 Junie 1929.

20. *Ibid*., pp.253-255;267;270.

21. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 15,Wonderfontein:een overzicht van de tusschen de Sticting Z.A.S.M. en den heer Veldman onderhouden relaties in zake Wonderfontein, Februari 1948, pp.1-2.

22. B.J.H. DE GRAAFF, De mythe van de stamverwantschap…, p. 277.

eie ideale vir, en benadering tot, groepsemigrasie gehad. Dit kom voor asof hy heelwat persoonlike finansiële opofferings gemaak het en sy kragte ingespan het om die groepsemigrasiemissie van die ZASM te laat slaag met die hoop dat 'n bepaalde keuse as vestigingsgebied sal dien as:

> doorgangshuis voor een groot emigratie van Hollanders om zich van hieruit te verspreiden over de Unie.[23]

Ewe patrioties voeg hy daarby dat as die Jood, Skot en Ier dit in Suid-Afrika kon maak, waarom nie ook Nederlanders nie, hulle is immers van beter bloed?[24]

Dit blyk ook dat hy by die ZASM die regte geluide wou maak wat die ZASM vir Nederlandse emigrasie gekoester het. Hy het hom bv. uitgespreek teenoor taal en hoe daar verseker kon word dat Hollands gepraat en geleer word.[25] Veldman was daarvan oortuig dat Nederlander wat na Suid-Afrika emigreer mettertyd Afrikaner moet word, maar nie die:

> goede Hollandsche eigenschappen van werkzaamheid en eerlijkheid prijs te geven . De Nederlandsche en Zuid-Afrikaansche begrippen op deze punten dekken elkander niet altijd en spreker [Veldman] is er op uit om de Hollandsche opvatting daaromtrent bij de Nederlanders hoog te houden....[26]

Voorts het Veldman sy bedenkinge gehad oor sommige Afrikaners se eerlikheid. By hom was daar geen twyfel nie dat 'n emigrasieleier met kennis nodig is om die inisiatief van die ZASM, befonds deur die ZASM, tot groepsemigrasie deur te sien.[27]

Wat Veldman, moontlik aangespoor deur Pont se ideaal na stamverwantskapssamewerking, vir die ZASM wou bereik, blyk uit latere korrespondensie nie ten volle dit te wees wat hulle in gedagte gehad het nie. Hulle missie was net beperk tot landbou-emigrante terwyl Veldman eventueel groter planne gehad het wat meer na

---

23. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie, F.Veldman/J.W. Pont, ca. 1929.
24. Ibid.
25. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie,F. Veldman/ J.W. Pont,3 Maart 1929.
26. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Notule Der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging [Johannesburg],Verslag Hoofdebestuursvergadering, 22 Junie 1929.
27. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Notule Der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging [Johannesburg],Verslag Hoofdebestuursvergadering, 22 Junie 1929.

algemene emigrasie geneig het.[28] Derhalwe het Veldman se hantering van die emigrasie- en landbou-aangeleentheid hom mettertyd in onguns by die ZASM-bestuur gebring. (*Kyk afdeling 2.1.*) Klaarblyklik het Veldman ook oënskynlik nie sy keuse op die plaas Wonderfontein, waarvan die koopkontrak op 12 Augustus 1928 met die eienaar H.R. Hollins gesluit is, behoorlik met die ZASM gekommunikeer nie. Tussen 1928 en 1929 is baie papierwerk gedoen om 'n borg te vind wat die koopsom van *F* 288 000 te kan bylê. Veldman was hoopvol dat hy spoedig 30 'flinke boerengezinnen met kinderen' sou kon vind om op die plaas Wonderfontein te kom bly sodat hulle elk kon bydrae om die koopsom te delg. 'n Belangstelling in Suid-Afrika het egter nie oornag emigrante vrywilligers opgelewer nie. Teen einde 1928 het nog slegs drie ander Nederlandse boere by hom aangesluit, en was die oorspronklike eienaar heel begryplik nie geneë om langer te wag vir sy geld nie. Veldman het Hollins oorreed om 'n aansienlik laer prys te aanvaar as dit wat hy oorspronklik in gedagte gehad het (£40 pond per morg vir besproeiingsgrond in plaas van £70 en £2 per morg vir droë land in plaas van £4).

Op advies van K.F. van den Berg, oud-direkteur van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika en lid van die Nederlands-Suid-Afrikaanse Handelsafdeling (CNZH), het die ZASM volgens Pont[29] en De Graaff,[30] moreel gebonde gevoel om die Wonderfontein-projek 'n kans te gun.[31] Dit ten spyte daarvan dat lede teen November 1929 van Pruissen se verslag (hoofagent van die Nederlandse Bank in Suid-Afrika) kennis geneem het. Alhoewel hy 'n paar positiewe indrukke rakende Wonderfontein in sy verslag meedeel, beklemtoon hy ook sy onsekerheid oor die haalbaarheid daarvan vanweë 'n gebrek aan

28. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 15, Wonderfontein: een overzicht tusschen de Sticting ZASM en den heer Veldman onderhouden relaties in zake Wonderfontein, Februari 1948, pp.1-2.

29. Pont se reaksie op Veldman se herinneringe soos in Januarie 1934 opgeteken. Kyk ZA-Huis, Amsterdam, Nederland, ZASM, M5-9, Pont notas op Veldman herinneringe aan sy kinders, Mei 1934.

30. Uit verslae en korrespondensie blyk die "morele gebondenheid" waarna De Graaff verwys in B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap. Nederland en de Afrikaners, 1902-1930* minder opvallend te wees. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Notule, Der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging [Johannesburg], 22 Juni, 1929.

31. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Telegramafskrif, K.F. van den Berg/Vereeniging ZASM, 26/28 Februarie 1929;13 Maart 1929.

voldoende gegewens. Hy het toe reeds sy bedenkinge oor Veldman as toekomstige emigranteleier gelug.[32]

'n Betaling is nietemin deur die NZAV gemaak en Veldman is versoek om F18 000 huur p.j. te betaal, waarna dit sy eiendom na 1932 sou word.[33] 'n Salaris van 1500 pond per jaar as emigrasieleier is deur die ZASM voorsien, maar klaarblyklik nie ná 1930 betaal nie omdat Veldman nie by die ZASM-ooreenkoms gehou het, deur net op landbou-aangeleenthede te konsentreer nie. Omdat Veldman na een jaar nie aan hierdie finansiële vereistes gestel, kon voldoen nie, het die ZASM 'n vyandiger houding begin inneem. Daar is onder meer gemeen dat Veldman die Wonderfontein-projek op 'n te groot skaal aangepak het, onnodige uitgawes aangegaan word en die eiendom teen 'n te hoë prys aangekoop is.[34] Daarop is 'n nuwe ooreenkoms in Mei 1930 voorgestel waarin die ZASM besluit het om hul Wonderfonteinse verpligtinge aan Veldman oor te gee, en die uitstaande bedrag van sowat £23 680 pond as 'n lening te sien wat hy moes terugbetaal volgens die terme gestel.

Op 'n baie pessimistiese toon stel De Graaff die 1930-besluit van ZASM soos volg:

> Daarmee eindigde het emigratieplan met Wonderfontein. De zaak had de ZASM een verliespost van ruim F38 000 – opgeleverd, terwijl daarnaast ook de F12 000 – van Hertzog en Brebner weggegooid geld bleek omdat Veldman nooit een rapport uitbracht over de mogelijkheden tot suikerbietenteelt in Zuid-Afrika…Het beoogde resultaat, het stichten van een levensvatbare Nederlandse boerenkolonie in Zuid-Afrika, werd niet bereikt. Weliswaar ontstond er een kleine nederzetting op Wonderfontein, compleet met winkel, smidse en coöperatieve kaasfabriek, maar blijvend succes werd niet geboekt… Het mislukken van Wonderfontein moet voor ZASM een bittere pil zijn geweest….[35]

Hierdie siening van die skynbare onsuksesvolle emigrasiepoging is nie deur die afdeling landbouw van die Nederlandse Vereeniging te

---

32. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 15, Wonderfontein: een overzicht tusschen de Sticting ZASM en den heer Veldman onderhouden relaties in zake Wonderfontein, Februari 1948, pp.3-4.

33. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie, A.G.A. van Eelde/Leden der Vereeniging ZASM, 23 Augustus 1929, pp.1-5.

34. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Notule Der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging [Johannesburg], 12 Junie 1929; Anon., Herinneringe Wonderfontein, 15 April 1946; Veldman koste: Wonderfontein raming, 11 Augustus 1928.

35. B.J.H. DE GRAAFF, De mythe van de stamverwantschap…, pp.279-280.

Johannesburg gehuldig nie. In 1931 het die voorsitter van hierdie afdeling opgemerk:

> Wonderfontein als groep van Nederlandsche boere-immigranten, gevestigd in Transvaal 'n voorlopig sukses mocht genoemd worden…vele moeilikheden waren overwonnen of nog te overwinnen…maar men schijnt van oordeel te zijn, dat door hard werken en veral door samewerking sukses in de toekomst zeer goed mogelik is….[36]

Voorlopig kan genoem word dat soos wat Pont en ander lede van die ZASM, sowel as die 'Amsterdamse Boerevrienden' 'n bepaalde missie en agenda gehad het vir die bevordering van Nederlandse groepsemigrasie na die suidpunt van Afrika, het die Nederlandse boere wat na die Carletonville-gebied ge-emigreer het ook gehad. Van die eerste pioniers het hoofsaaklik om gesondheidsredes na Suid-Afrika verhuis. Die eerste pioniers is Freerk Veldman ('n boer afkomstig vanaf Hekkum by Adorp, provinsie Groningen en emigrasieleier); Engel Engels ('n welgestelde boer van die dorpie Noordbroek, provinsie Groningen. Hy en sy gesin verhuis na S.A. vanweë sy gesondheid. Woon eers vir 'n tyd lank op Ladybrand en verhuis daarna na Wonderfontein)[37]; D.J. Elema (reeds in 19 Augustus 1928 in die Wonderfontein-omgewing); Jan Eggo Hommes ('n boerseun uit 'n welvarende huis van die dorpie Beerta, wat self ook met gesondheid gesukkel het)[38];J.A. Aukema ('n Winkelier en boekhouer vir Veldman); J. van Lutterveld arriveer in Augustus 1928 weens vrou se swak gesondheid.

So het die Nienhuise en Clays skynbaar ook om gesondheidsredes na Suid-Afrika ge-emigreer.[39] 'n Warmer klimaat en beter

---

36. De Eerste Jaarlikse Algemene Vergadering van de Afdeling Landbouw der "Nederlandsche Vereeniging" te Johannesburg, in *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika*,11 April 1931,p.7.

37. ONDERHOUD, E.S. van Eeden/G.Hommes (dogter van E. Engels), 17 Junie 2000.

38. ONDERHOUD, E.S. van Eeden/G. Hommes (vrou van Jan Eggo Hommes en dogter van Mnr. E. Engels), 15 September 1999; 25 November 1999**;** J. PLOEGER, *Nederlanders in Transvaal, 1850-1950,* p. 28.

39. ONDERHOUD, mevrou G. Hommes /E.S. van Eeden, 20 Junie 2000.

bestaansvooruitsigte[40] vir Nederlandse boere is die vernaamste redes wat voorgehou is vir emigrasie.

## 2. Nedersetting in Carletonville-gebied ná 1928

### 2.1 Groningers gee lewe aan die Wonderfontein-projek

Die Hollandse nedersetting (plaaslik alom so bekend) wat in 1928 in die Gatsrandwyk van die latere Carletonville munisipale gebied neerslag gevind het toe die Wonderfonteinboerdery verkoop is, het 'n klein begin beleef. As rede is die gebrek aan entoesiasme van die Nederlandse boereseuns – op wie die fokus aanvanklik was – genoem. Omdat Freerk Veldman van Groningen afkomstig was, is dit nie vreemd dat van die eerste boere wat ge-emigreer het ook van hierdie provinsie gekom het nie.[41]

Op papier was die plaas Wonderfontein soos goeie ou wyn. Histories was dit 'n plaas waarvan gesê kon word dat die 1879 volksvergaderings van die ZAR daar plaasgevind het. Voorts is daar ook op die plaas die welbekende Wonderfonteingrotte wat deur bekendes besoek is, waaronder Karl Mauch en F. Lion Cachet. Wonderfontein se sentrale ligging aan vername stede soos Johannesburg, die teenwoordigheid van 'n spoorlyn,'n halte en die natuurlike ondergrondse waterbron op die plaas (waarskynlik die vernaamste rede vir die naam "Wonderfontein)[42] was heel moontlik van die vernaamste redes vir Veldman se entoesiasme toe hy op die vooraand van die naderende Suid-Afrikaanse winter besluit het dat Wonderfontein die aangewese plattelandse plek is om sy landgenote 'n

40. 'n Grondgebrek in Nederland het aanleiding gegee tot die drooglegging van gedeeltes van die seë langs Nederlandse kus. Dié is bekend as poldergebied. Ten spyte hiervan is sommige boere nasate in Nederland steeds gekortwiek in die vestiging van 'n behoorlike bestaansboerdery. Vandaar 'n motief om na Suid-Afrika te verhuis. Vergelyk *The World guide. An alternative reference to the countries of our planet, 1999-2000* (New Internationalists Publications Ltd., Hong Kong, 1999), pp.417-418.

41. Klaarblyklik het die nedersetter Engels en sy gesin met die hulp van die Hollandse-Afrikaanse Skeepvaartlinie, met die boot "Klipfontein" in Kaapstad aangekom. Aanvanklik nie om op Wonderfontein te vestig nie, maar op Ladybrand. Dit kan aanvaar word dat die meeste nedersetters op hierdie wyse gehelp is om in Kaapstad voet aan wal te sit. Vergelyk Nedbank-argief-verslae en Tullius, "Word die sterk man onder die nedersetters", Bylae tot die *Carletonville Herald*, 19 Augustus 1988, p.4.

42. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, *Carletonville, van pionierstreek tot goudspens*,(Knowledge Tec RGN, Pretoria, 1995) p.4; E.S. VAN EEDEN, Die Geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948 (MA, PU vir CHO, 1988), p.100.

geleentheid tot koöperatiewe samewerking te gun. [43] Laastens kan van Wonderfontein gesê word dat dit geleë is in 'n omgewing met die Gatsrantereeks sigbaar naby, en reeds sedert trekkervestiging in de 19e eeu bekend is vir sy grotte en gate.[44]

Landbougewys was die potensiaal van hierdie gedeelte egter deur kundiges beskou as baie beperk vanweë die grondkwaliteit en die dolomiet.[45] By geleentheid is daarna deur 'n beampte van die landbousentrum in Potchefstroom as 'die ashoop van die aarde' bestempel.[46] Wat Veldman dus presies opgewonde gestem het van die landbouverslae van landbou-ekonoom S.J.de Swart (en 'n verslag in die vorige eienaar se besit, opgestel deur J.J. Theron) wat hy ter hand gehad het toe hy besluit het om die plaas aan te koop, is onseker.[47] Om verhuising aan te moedig het Veldman by wyse van Afrikaanse en Engelse dagblaaie soos *Die Burger*, *Die Volkstem* en *The Star* Suid-Afrikaners gereeld op hoogte gehou met verwikkelinge rakende hierdie nuutste nedersetting komende van 'n Nederlandse inisiatief.[48] So ook het die Landbouafdeling van die Nederlandsche Vereeniging te Johannesburg voortdurend tydens vergaderings die stand van groepsemigrasie gemonitor om leemtes by te lê. Die Nederlandsche Bank Voor Zuid-Afrika N.V. het die finansiële administrasie daarvan bestuur.

Teen 1929 het ongeveer 30 siele vanaf Groningen en Friesland die plaas Wonderfontein van 2 931.65ha onder die vaandel van die 'Nederlandsche Emigrante/Emigratie Maatschappij',[49] bewoon. Aan elke nedersetter is 21.25ha **(**25 morg ) beskikbaar gestel om aan te koop en te bewerk. Vir £800 kon elke emigrant aandeelhouerskap

---

43. Vergelyk ANON., " Hollandse emigrante vir Suid-Afrika. Die Hollandse Kolonie te Wonderfontein", *Die Volkstem*, 6 Desember 1929.

44. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, Ekonomiese geskiedenis en die invloed daarvan op Carletonville…, pp.18-20,22.

45. Vergelyk PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no.2: …verslag no.3, 1965/1957, pp. 78-81.

46. Vergelyk Tullius, "Nederlandse landbouers vestig hulle by Wonderfontein", Bylae tot die ***Carletonville Herald***, 6 Maart 1992, p.9. Die vertelling van Tullius is gebasseer op Nederlander Jan Semmelink se herinnering.

47. Veldman het by geleentheid genoem dat hy wel kundiges van Potchefstroom genader het om inligting oor die lewensvatbaarheid van Wonderfontein. Vergelyk *Veldbode*, 16 Februarie 1929.

48. Vergelyk *Die Volkstem*, 6 Desember 1929; 8 Mei 1930; *Die Burger*, ca. Mei 1930; B.

49. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie Veldman/Pont, 22 April, 1929 verwys na die maatskappynaam.

verkry in die koöperatiewe boerdery opset. In ruil daarvoor het Veldman reeds in 1928 die volgende belowe:

> Een goed woonhuis voldoende stalruimte schuur- electrischiteit –waterleiding en spoeling – spoorrails tot bij stal – harde rijweg (teerweg en zijn kleine elc motor benevens 20 morg land best land onder water. Behalve dit krijgt hij 1/30 deel in die 2827 morg droge grond = 90 morg….” [50]

Of hierdie idealistiese belofte van Freerk Veldman ten volle gerealiseer het, is onwaarskynlik aangesien teerweë en elektrisiteit eers ‘n werklikheid geword het toe goudmyngroepe teen die jare veertig daadwerklik in die gebied begin funksioneer het.[51] Emigante het van hulle kant probeer om so spoedig moontlik in te rig sodat elk se lewe nie aan te veel ontwrigting blootgestel word nie. Benewens dat elk sowat £2 000 finansieel sterk moes wees om vir minstens die eerstejaar hulle eie onderhoud te kan dra, is ander uitgawes ook aangegaan, soos die bou van woonhuise.[52]

Naas ‘n posdiens wat op 3 Maart 1929 ingestel is,[53] is ‘n skooltjie Daar was ‘n skool (oorspronklik ‘n stoor) ook op 29 April met 15 leerlinge deur ‘n Afrikaanse onderwyseres en ‘n Afrikaanse skoolhoof begin. Hierdie ‘onaangename’ geval vir Veldman is binne twee maande reggestel toe mnr. Karel J. Kerling,[54] boorling van Utrecht in

---

50. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie Veldman/Pont, 10 Februarie 1928; 24 Februarie 1928.

51. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, Ekonomiese geskiedenis en die invloed daarvan op Carletonville…, pp.18-20,22.

52. Mnr. Engels, byvoorbeeld het, eiehandig, sy huis gebou, toegerus met agt slaapkamers. Benewens die 25 morg grond het hy oor ‘n verdere 1400 morg grond beskik vir ‘n skaapboerdery. ‘n Ander pionier, Van Lutterveld, het ook self sy huis met ses kamers gebou, met melkbeeste geboer, sowel as vrugtebome aangeplant. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Notule, Der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging [Johannesburg], 22 Juni, 1929, pp.16-17.

53. Volgens mevrou Hommes was daar ‘n poskantoor op Van Aswegen (‘n oud-bewoner van die gebied op die plaas Wonderfontein) se grond. Hierdie gedeelte van sy grond het Hommes later van tyd bekom met geld wat sy ouers aan hom geleen het. Dus was die poskantoor teen die dertigerjare op Hommes se grond. ONDERHOUD, G.Hommes/E.S. van Eeden, 28 Junie 2000; Koerantknipsel oor J.E. Hommes se dood met kantaantekeninge deur mevrou Hommes, ca laat sewentigerjare.

54. E.S. VAN EEDEN, Die geskiedenis van die Gatsrand…(M.A.:PU vir CHO, 1988),p. 85.

Nederland, vanaf Marico as hoof oorgeplaas is.[55] Teen Mei 1930 was daar reeds 35 skoolgaande kinders wat onder meer 'landbouonderwijs' geneem het. Ook word die gedeeltelike oprigting van 'n winkel en 'n hotel genoem.[56] Die Oranje hotel wat verwys na die welbekende Prins Willem van Oranje is gebou om ongetroude mans van slaapplek te voorsien. Daarby is nie nagelaat om aan Pont te noem dat die Driekleur voor dié Hotel wapper en op 30 April 1929 sal wapper ter ere aan koningin Juliana nie:

> In het Groningen hebben wij boeren met het koel noordelijke bloed nimmer zoo onze Driekleur geëerd als we dat hier thans doen… Als Hommes hier onze vaderlandse liederen speelt op de piano, zingen allen met meer symphatie dan ze waarschijnlik in Holland ooit zouden gedaan hebben…"[57]

Skrynwerker Pols wie se vakmanskap vroeër deur Veldman vereer is, was ook die bouer van die skool. Veldman vermeld verder met trots in sy verslae van die besonder talentvolle Aukemas (Aukema) wat sy boekhouding behartig en die hotelbestuur help behartig het onder leiding van die jong Gezina Engels (later getroud met J.E. Hommes). G. Clay wat 'n steenmakery op sy plaas bedryf het, is ook genoem.[58]

Kort na die ingebruikneming van die skoollokaal, is die eerste erediens op 28 April 1929 gehou. 'n Ds. J. van Belkum van Heidelberg, toe al veertig jaar in Suid-Afrika as Nederlandse emigrant, het die diens aan 45 volwassenes gelei.[59] Veldman, in sy briewe opmerklik aangedaan oor wat al op Wonderfontein bereik is ten datum van die eerste erediens op Wonderfontein skryf:

> dat was een plechtig moment voor de nieuwe en oude bewoners van Wonderfontein…Een primitiewe catheder met groen versierd was door onze timmerman geconstrueerd – terwyl een aantal banken van bloegomtakken gemaakt en

---

55. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Notule, Der Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Vereeniging [Johannesburg], 22 Juni, 1929, pp.16-17; Tullius, "Van koeimelk tot kaas", Rondom die Gatsrand rubriek soos in die Carletonville Herald, 2 September 1988, p.5. Veldman verwys in sy 1934-herinneringe na Kerling as afkomstig van Amersfoort in Gelderland. In sy verslae van 1929 is die inligting verskaf soos in die teks voorgehou.

56. *Die Volkstem*, 6 Desember 1929.

57. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie, F. Veldman/J.W. Pont, 29 April 1929, pp.1-2.

58. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie, F. Veldman/J.W. Pont, 28 April 1929.

59. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie, F. Veldman/J.W. Pont, 22 April 1929; 28 April 1929.

> eenige schoolbanken de hoorders als zitplaats dienden. Dezen banken zullen verder als tuinbanken en langs het pad dienst doen….[60]

Op landbouterrein was 'n vername missie die vestiging van 'n suiwelboerdery en die oprigting van 'n suiwelfabriek op moderne koöperatiewe beginsels. Trouens, hierdie afdeling was vir ZASM die vernaamste aspek waarmee die nedersetting hom moes besig hou. Teen 1930 was daar reeds 100 melkbeeste, maar 2000 is aanvanklik beoog. Opposisiepartyleier generaal J.C. Smuts en die Nederlandse gesant H. Lorentz het die hoeksteenlegging van die fabriek op 7 Augustus 1930 bygewoon. In die daaropvolgende jaar, op 30 Junie, is die 'Adorp Ko'operatiewe Landbouw Maatschappij Beperkt' suiwelfabriek op Wonderfontein begin.[61] 'n kommissie van Wonderfontein deur ZASM het vanuit Amsterdam 'n oog gehou op die gang van sake, en bedryfsleiers is aangestel om die Wonderfontein onderneming onder leiding van Veldman te bestuur. As ideaal is 25-30 gesinne, met 'n totaal van 250 mense, in die vooruitsig gestel. Teen 1930 was daar klaarblyklik net 10 gesinne (60 mense). [62] Hierdie getal verskil soms van verslag tot verslag.

Alle gewasse denkbaar is aangeplant om selfonderhoudend te wees en om melkbeeste ook in wintertye te voorsien. In al hierdie ondernemings het Veldman prominent as agent opgetree, en hy was in alle verslae besonder trots op dit wat onder omstandighede bereik kon word.[63] So was die pas-opgerigte besproeiingsskema[64] 'n nuutjie vir die eerste boere, en in die omgewing was daar geen gevestigde bedryf om as voorbeeld te dien nie.

## 2.2 Die val van Veldman

Bykomstige ontwikkeling op Wonderfontein soos die beoogde kaasfabriek, 'n motorhawe, 'n skilder en 'n smid[65] soos deur Veldman

60. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie, F. Veldman/J.W. Pont, 28 April 1929.
61. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Brief, Siemon Vieyra chartered accountant/Adorp Ko-operatiewe Landbouw Maatschappij Beperkt, 28 September 1931.
62. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Rapport bedoeld in het verslag van de vergadering van Nederzetters op Wonderfontein, 22 Augustus 1932, pp.1-2.
63. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie F. Veldman/J.W. Pont, 25 Maart 1929; 22 April 1929.
64. UNION OF SOUTH AFRICA, ***Government Gazette***,Government notice no. 396 of 1925.
65. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10 Korrespondensie F. Veldman/Heer Dommisse – ZASM-verteenwoordiger, 31 Maart 1930.

versoek, was nie deel van die ZASM-visie nie – ongeag dat Wonderfontein die grootste Nederlands-Suid-Afrikaanse missie op Suid-Afrikaanse bodem vir die tyd was. Veldman het anders daaroor gedink en gereageer. Negatiwiteit onder ZASM-lede en verteenwoordigers van hierdie Vereniging in Suid-Afrika, waaronder J. Dommisse, [66]het nie lank geneem om deur te suur na alle betrokkenes nie.[67]

In 1931-1932 is heelwat korrespondensie gevoer tussen die Nederlandse Bank, direkteur Dommisse van dié bank en die ZASM rakende Veldman se nuwe inpirasies vir verdere ontwikkeling, en die sin en haalbaarheid van die toekenning van voorskotte aan emigrante te Wonderfontein. Die bank was van oordeel dat die nedersetters te gemaklik geraak het met die aanvra van voorskotte om vir verdere ontwikkeling. Gegrond op wat reeds teen 1931 bereik is, blyk dit wel dat aan toewyding onder die inwoners weinig te kort geskiet het. Veel eerder merk ‘n mens uit korrespondensie ‘n mate van in die rug stekery onderling en ‘n agteraf gekonkelry[68] wat die kanse vir ‘n suksesvolle koöperatiewe landboubedryf wel kort voor lank benadeel het. Van die ‘eerlike’ element wat Veldman dus vanaf Nederland na Suid-Afrika wou invoer (kyk sy vroeëre opmerking) het min van tereg gekom. Drie bedryfsleiers van die ‘Wonderfontein Nederlandsche Emigratie Maatschappij’ het nie kon versoen met Veldman se, klaarblyklik, onoordeelkundige besluitneming en onsistematiese bestuurstyl nie. Op sy beurt het Veldman hulle die trekpas gegee en aan sy seun in Groningen geskryf om hom op Wonderfontein by te staan. Kort hierna is die ZASM deur Aukema, Veldman se ouditeur, betrek toe hy sonder Veldman se medewete die ZASM deur die NZAV van Veldman se finansiële situasie verwittig het.

Daarop het die kommissie Wonderfontein in Amsterdam, die Nederlandse Bank en bestuurslede van die Johannesburgse NZAV ingetree. Pruissen, ‘n verteenwoordiger van die kommissie, was die

---

66. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, J. Dommisse/ J.D.D. Pruisen, 3 April 1930.

67. Vergelyk die Nederlanse Bank se houding in 1929: NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), Banktakken,(BT), Band 3, Lêer 41/41A, Brief, Hoofdagent/Agent Potchefstroom, 14 Februari 1929; MP, Band 10, Brief, J.D.D. Pruissen/J. Dommisse, 3 December 1930.

68. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, J. Dommisse/ J.D.D. Pruisen, 6 Januari 1931, pp.1-5 waarin Hommes se gesprek met Dommisse oor Veldman se bestuursbenadering in detail bespreek word. Hommes het, ironies genoeg, belanggestel om die grond te bekom, sou Veldman dit verloor. Dit is eventueel nie aan hom verkoop nie. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, J.E.Hommes/Pruissen, Januarie 1931; F.Veldman/J. Dommisse, 4 Februarie 1931.

mening toegedaan dat Veldman reeds met soveel skuld belas was dat skuldeisers nie bereid was om meer vir hulle geld te wag nie. Ongeag sy benarde situasie, blyk dit tog dat daar steeds by die ZASM 'n vertroue was in die Wonderfontein nedersetting se landbou-aktiwiteite.[69] Voorts is die moontlikheid om nog Nederlanders aan te moedig om na Wonderfontein te emigreer ook in die ZASM gesprekke genoem. [70] Pruissen het voorgestel dat mnr. Engel Engels die taak van bestuursleier verder onderneem, en dat Veldman alle bande met Wonderfontein behoort te verbreek, aangesien:

> …er een nieuwe geest moet komen en een nieuwe organisatie, waarop de persoon van de Heer Veldman totaal geen invloed zal kunnen uitoefen, een invloed wellicht die even ongunstig zou zijn alsde invloed van Veldman op de heele onderneming geweest is, omdat de man nu eenmaal van het onbegrijplijk optimisme dat hem bezield, niet weg kan komen….[71]

Alhoewel die nedersetters gemeen het dat Veldman nie die aangewese persoon is om verder die leiding te neem nie, het sommige gevoel dat hy wel moes aanbly. Brokkies dankbaarheid en respek vir Veldman skemer wel deur in van die korrespondensie wat gedurende hierdie krisis geskryf is.[72]

Na lang oorweging is besluit om so min as moontlik te perse te laat gaan en die skuld wat Veldman gehad het met skuldeisers buite die hof te skik, sy grond oor te neem en ander nedersetters die verantwoordelikheid daarvoor te gee. Dit het beteken dat die werksaamhede van die hotel, skool, winkel, bakkery en slagtery op die grond weer kon normaliseer na enkele maande van spanning en onsekerheid. Die kommissie van Wonderfontein het versoek dat hierdie ondernemings nie meer deel van die kommissie se verantwoordelikheid is nie, en dit aan belangstellendes verhuur word.[73]

Pruissen noem dat Veldman, voor hierdie onaangename situasie van Veldman se likwidering ontstaan het, reeds heelwat reëlings in plek gestel het om uitgawes tot die been te sny, maar dat Engels dit verder

---

69. ZA-HUIS, ZASM, Amsterdam, M5-9, Pont notas op Veldman se herinneringe rakende Wonderfontein aan sy kinders, Mei 1934.

70. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, J.D.D. Pruissen/ZASM, 14 Februarie 1931, pp.1-16; MP, Band 10, Korrespondensie, J.D.D. Pruissen/ZASM, 30 December 1931, pp.1-7.

71. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, J.D.D. Pruissen/ZASM, 3 Februarie 1931, pp.1-15.

72. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 9, Korrespondensie,L.F. Ter Meer/ J. Dommisse(Nederlandsche Bank voor Z.A.),14 Februarie 1931.

73. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 9, Korrespondensie Hoofagent Nederlandsche Bank/E. Engels, 4 Maart 1931.

moes opvolg. Na uitgerekte korrespondensie tussen die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika en die kommissie van Wonderfontein in Amsterdam met die nedersetters het Veldman ingestem om hom uit die gebied te onttrek[74] op voorwaarde dat van die nedersetters wat hom nog geld skuld, dit onvoorwaardelik doen.[75] Of hy die "agterstallige skuld" kon in, is onseker. Uit sy latere korrespondensie met die ZASM lyk dit nie so nie.[76] Deur 'n bemiddeling van die Nederlandse Bank is skuldeisers se versoeke wel buite die hof geskik nadat ZASM die bestuur van die Wonderfonteinse nedersetting onder leiding van die Wonderfontein kommissie verder onderneem het.[77] .

'n *Ex Gratia*–vergoeding is eers in 1948 deur die kommissie van Wonderfontein aan Veldman gemaak vir sy persoonlike finansiële onkostes in die Wonderfontein nedersetting. Dit nadat dele van Wonderfontein verkoop is toe die goudmynbedryf in die omgewing ontwikkeling en grondverkope aangemoedig het.[78] Hierdie bedroewende bladsy in die geskiedenis van die Wonderfonteinprojek was sekerlik 'n vername rede vir die benadering dat die emigrasiepoging en –vestiging 'n mislukking was. Met die Veldman motiewe uit die weg, wat hoofsaaklik stamverwantskapsgerig en patriargaal geneig het en, bygesê, 'n blote voortsetting was van die vroeëre koloniale mentaliteit,[79] is die Wonderfonteinbedryf daarna hoofsaaklik op die ekonomiese motief gestuur.

---

74. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 9, Korrespondensie NZAV, Afdeling Landbouw, Johannesburg/NZAV Amsterdam, 3 Februari 1931, pp.1-5.

75. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, F.Veldman/J. Dommisse, 4 Februarie 1931.

76. Etlike korrespondensie tussen Veldman en die ZASM, na 'n ex gratia-toekenning aan hom in 1948, is in die argief van die NZAV en die ZASM in Amsterdam opgespoor. In nie een maak hy weer melding van nedersetters se skuld aan hom nie. Hy het wel lank probeer om die ZASM tot ander insigte te bring rakende sy rol en vergoeding. Vergelyk F Veldman/Prof. Van Winter, 23 Januari 1956.

77. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, F.Veldman/J. Dommisse, 4 Februarie 1931, p.1.

78. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Korrespondensie, A.R. Veldman (seun van F. Veldman)/ZASM, 30 Mei 1946; Band 15, Korrespondensie, J.D.D. Pruissen/J.P. Kakebeeke, 3 Maart 1948; NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 15,Wonderfontein:een overzicht van de tusschen de Sticting Z.A.S.M. en den heer Veldman onderhouden relaties in zake Wonderfontein, Februari 1948, pp.6-8.

79. Hieroor is in standard werke reeds heelwat gesê. Vergelyk byvoorbeeld R. ROSS, *A concise history of South Africa* (Cambridge University Press, Cambridge, 1999), p.22.

## 3. Mynontwikkeling – geleenthede en verleenthede (1931-1969)

### 3.1 'n Modeldorp op Wonderfontein?

In die Engelse koerant *The Sta*r, ca. 1930, lui die hoofopskrif: "A Model Immigrant Settlement". Wat die joernalis veral opgeval het, is die neiging tot intensiewe boerdery praktyke wat, in die geheel beskou, nie 'n alledaagse verskynsel in Suid-Afrika was nie, en inderdaad iets van 'n model ingehou het wat die moeite werd kon wees om die mate van sukses, al dan nie, daarvan dop te hou. Intensiewe boerdery praktyke het ook die moontlikheid ingehou van die implementering van besproeiingstegnieke wat ook ten datum van hierdie ontwikkeling 'n nuutjie in die Suid-Afrikaanse landboubedrywighede van Transvaal was.[80]

Dorpstrukture op Wonderfontein wat onder Veldman se leiding, en deels op sy onkoste, gevestig is, is nie na 1931 deur die Wonderfonteinse kommissie aan verdere ontwikkeling blootgestel nie omdat hulle landbou praktyke wou bevorder. Alhoewel die potensiaal vir die ontginning van goud in hierdie omgewing reeds in Veldman se tyd bekend geword het, het die uitvoering daarvan eers teen 1937 'n werklikheid geword. Daarmee is 'n geleentheid geskep om dorpsontwikkeling in die omgewing aan te moedig tot persoonlike voordeel en tot voordeel van die goudmynaktiwiteite suid van Wonderfontein in proses van ontwikkeling. Teen 1932 was die gedagte aan 'n modeldorp vir Wonderfontein nog ver verwyderd van die realiteit weens die ZASM se 'gewysigde' missie wat aansienlik meer na ekonomiese winsbejag geneig het as landbou-ondersteunend te wees (laasgenoemde aanvanklik oënskynlik sonder winsbejag). Geleidelik het omstandighede vir die besitters van Wonderfontein 'n klaarblyklike verleentheid van projekmislukking in 'n suksesvolle ekonomiese geleentheid omskep. Wat begin is, is van 'n afstand bestuur, maar met 'n opvallende gebrek aan belangstelling in 'n beter vooruitsig vir landbousake. Daarvoor het die potensiële waarde van die grond veel meer opgeweeg as 'n groepie landbouers se behoeftes en probleme. Hiervan is die volgende drie subafdelings voorbeelde van.

### 3.2 Voortslepende groeipyne en krisisse

Ná Veldman se vertrek het niemand meer die nedersetting bemark nie – skynbaar ook nie die kommissie nie.[81] Veldman se 'verwydering' het

---

80. ANON., A model immigrant settlement. The Netherlands farmers at Wonderfontein. Intensive Cultivation, *The Star*,ca. 1930.

81. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Verslag van de vergadering van Nedersetters op Wonderfontein, 22 Augustus 1932,p.2.

ook nie meegebring dat die Wonderfonteiners se ekonomiese situasie oornag verbeter het nie. Benewens die drastiese daling van grondpryse tydens die depressietyd het die lae melkprys ongeag die hoër melkproduksie[82] (een van die boere se vernaamste bronne van inkomste) emigranteboere laat uitreik na ander vorme van inkomste soos die massaverbouing van aartappels en koring.[83] In die loop van 1932 is melding gemaak van heelwat agterstallige betalings rente op verbande. Ander krisisse wat opgeduik het soos die onverkoopte deel grond waarmee die kommissie van Wonderfontein vir 'n aantal jare sonder huurders moes onderhou, het ook daartoe bygedra dat hulle nie geneë was om verdere uitgawes aan te gaan nie.[84] In 'n verslag van Augustus 1932 blyk die nedersetters heel gelukkig te wees met wat hulle in 'n kort tydjie van drie jaar vermag het. Onder meer is genoem die kaasfabriek se gesonder finansiële welstand na groot skade in die vorige jaar deur "onvoldoende zorg van een van de kaasmakers by die bereiding van kaas".[85]

Vir die kommissie was dit klaarblyklik 'n teleurstelling dat geen nuwe nedersetters teen 1932 gevestig het met die doel om die onverkoopte 491 besproeibare grond en 999 morg droë land te beset nie. [86] Daarby het twee bedryfsleiers in Veldman se tyd, naamlik Grashuis en Prouws, weggetrek wat die finansiële las op die wat agtergebly het, vergroot het. Alhoewel die toekomstige posisie van Aukema ook in die weegskaal was oor hy as Veldman se vertroueling vertroulike sake rakende Veldman aan die ZASM oorgedra het, het hy aangebly en sy syferaanleg is later as onontbeerlik beskou.

Die meeste nedersetters was nietemin in hierdie stadium nog baie optimisties oor die toekoms van die Wonderfontein nedersetting. Om emigrasie aan te moedig is daar deur die nedersetters gemeen dat verbande van tot 90 persent van die koopsom aangebied behoort te word aan voornemende emigrante alvorens die opsie van emigrering vir emigrante aanloklik sal wees. Die bewering is gemaak dat indien verbande wel vroeër aan dié eis voldoen het, die twee bovermelde

---

82. Vergelyk *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika,* 19(18), 9 September 1933, p.13.

83. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Rapport bedoeld in het verslag van de vergadering van Nederzetters op Wonderfontein, 22 Augustus 1932, pp.1-5.

84. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, Commissie voor Wonderfontein/H.Altmann en J. Hoogenboezem, 28 Juni 1932; E. Engels/Comissie van Wonderfontein, 30 Augustus 1932.

85. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Verslag van de vergadering van Nedersetters op Wonderfontein, 22 Augustus 1932,pp.2-4.

86. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, Commissie voor Wonderfontein/H.Altmann en J. Hoogenboezem, 28 Juni 1932, p.1.

bedryfsleiers beslis op Wonderfontein sou gebly het.[87] Met hierdie here nie meer op Wonderfontein nie, is daar nie weer in Engels se bestuursperiode bedryfsleiers aangewys nie. Engels was van mening dat die beheer deur drie nedersetters "ongewenst is en waarskynlik in een mislukking sal uitloop".[88] Die Wonderfontein kommissie was nie hiermee ongeneë nie.[89]

### 3.3. 'n Bemarking van die Wonderfonteinse nedersetting

Die nedersetters is teen 1934 versoek om voorstelle te maak van hoe effektiewe bemarking vir Wonderfontein gedoen kan word. Daardeur is 'n tweede emigrasiefase as't ware na Wonderfontein begin.[90] In reaksie op hierdie voorstelle het die Wonderfontein kommissie sy bereidheid verklaar tot sodanige vorm van bemarking, maar het die kommissie voet by stuk gehou dat hulle verbintenis met emigrante op 'n saaklike grondslag sal en moet bly. Om suksesvol te bemark, het die kommissie die nedersetters aangemoedig om hulle kant te bring om van die Wonderfontein-projek 'n sukses te maak. Juis 'n gebrek hieraan – aldus die kommissie – het hulle in die verlede klaarblyklik op hierdie terrein laat lyf weggesteek. Tot 1933 is niks blywend op hierdie terrein vermag nie[91]

Volgens 'n verslag van Veldman aan sy kinders en nageslag oor sy werksaamhede op Wonderfontein, geskryf in 1934, was daar ten datum van sy skrywe geen nuwe emigrante deur die ZASM op Wonderfontein gevestig nie.[92] Die landbou-ontwikkeling op Wonderfontein, om dan indirek te verseker dat bemarkingsgeleenthede moontlik gemaak word deur "goeie" verslae, het 'n opwaartse neiging begin toon. Uit brokkies inligting is dit moontlik om af te lei dat nedersetters, soos

---

87. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Verslag van de vergadering van Nedersetters op Wonderfontein, 22 Augustus 1932,p. 4.
88. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie E. Engels/Commissie van Wonderfontein; Kommentaar van Engels tot Rapport bedoeld in het verslag van de vergadering van Nederzetters op Wonderfontein, 22 Augustus 1932, p.1.
89. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie Commissie van Wonderfontein/H.Altmann & J.Hogenboezem van NZAV,Johannesburg,4 October 1932, p.1.
90. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Verslag van de vergadering van Nedersetters op Wonderfontein, 22 Augustus 1932,pp.3-5.
91. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 10, Korrespondensie, J.M.W. Pont (namens J.D.D. Pruissen en K.F. van den Berg van die "Commissie voor Wonderfontein"/H. Altmann & J. Hoogenboezem, 4 October 1932,pp.14. Kyk ook Veldman brief van Januarie 1934 soos in ZASM-stukke vervat.
92. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 15,Wonderfontein:een overzicht van de tusschen de Sticting ZASM en den heer Veldman onderhouden relaties in zake Wonderfontein, Februari 1948, p.9.

J.E. Hommes, hul ook tot die hoender- en varkboerdery bedryf gewend het. [93]

Met Engels aan die stuur van sake was die kommissie, soos afgelei uit korrespondensie, meer gerus en meer hoopvol. Feitlik al die sekondêre bedrywe wat deur Veldman geïnisieer is, was ten datum van Engels se skrywe nog in bedryf. Die bakkery het egter 'n kortstondige bestaan beleef en die skool het 5 leerlinge minder gehad as in 1930.[94] Bakhuizen,wat die poskantoor in Aukema se winkel op Veldman se grond bestuur het, het na Veldman se onttrekking die Oranjé hotel oorgeneem. Dit blyk dat die winkel redelik suksesvol was. Tussen Julie 1930 en Februarie 1931 het die winkel 'n netto-wins van 125.18 pond opgelewer. Oor die 'Adorp Ko-op Landbou Maatskappij Beperkt' is opgemerk dat die verkoelingsfasiliteite verbeter het sodat beter kaas aan die verbruiker gelewer is.[95] Die kommissie van Wonderfontein het verteenwoordiging op die Ko-op verkry om so op hoogte te kom van verwikkelinge aldaar.[96]

Vir die kommissie van Wonderfontein moes die Wonderfonteinse nedersetting tog teen 1934 beter daaruit gesien het, waarop 'n bemarkingsgerigte artikel rakende "De Nederlandsche Landbouwnederzetting op Wonderfontein" in *Maandblad Zuid-Afrika* verskyn het. Hierdie artikel wat onder die aanvoering van die "Stichting Landverhuizing" in Nederland verskyn het, is waarskynlik die eerste een sedert emigrasieleier Veldman in 1931 van sy posisie onthef is. Sonder om 'n woord te rep oor Veldman, is in hierdie artikel genoem dat die plaas Wonderfontein in Nederlandse hande gekom het. Wat veral opval, is die meer omvattende toeligting waarmee daar vorendag gekom word om voornemende boere te trek. Hierdie kennis was alleenlik moontlik na 'n paar jaar se ervaring – 'n werklikheid wat nóg die Nederlandse Bank, nóg die kommissie, in 1929 wou erken. Teen 1934 was dit skynbaar makliker om meer uitgesproke hieroor te wees toe geskryf is:

---

93. NASIONALE ARGIEFBEWAARPLEK (Pretoria), Transvaalse Argief Bewaaarplek,(TAB), Aanwinste (WHA), Korrespondensie, J. E. Hommes/Familie Holland , 8 Maart 1938.

94. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 9, Verslag van de toestand op "Wonderfontein" aan de "Commissie Wonderfontein", 31 October 1931.

95. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 9, Verslag van de toestand op Wonderfontein aan de Commissie Wonderfontein, 20 Februarie 1931.

96. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 8, Korrespondensie, J. E. Hommes/Familie Holland , 8 Maart 1938.

> Zuid-Afrika heeft op landbouwgebied zijn bijzondere moeilijkheden, die men niet te gering moet achten en die men eerst goed onder het oog moet zien, voordat men zich gaan verbinden. Hierby moet echter niet vergeten worden, dat de oorspronklijke kolonisten met groote moeilijkheden te kampen hebben gehad en veel leergeld hebben moeten betalen. De families die nu volgen, genieten al de voordeelen van hetgeen hun voorgangers hebben opgebouwd en die er thans een redelijk bestaan hebben....[97]

Die potensiaal van die gebied vir landbou, veral vir die melkveebedryf en daarnaas voergewasse, is in die artikel beklemtoon. Oor die Koöperatiewe Adorp kaasfabriek waaroor daar 'n jaar en meer terug nie iets goeds gesê kon word nie – aldus die kommissie, was daar teen 1934 klaarblyklike rede tot die volgende opmerkings in die artikel: "Na aanvankelijk met groote moeilijkheden gekampt hebben, is men er in geslaagd een product te bereiden, dat een goeden naam heeft verworven op de markt te Johannesburg. Nadat in de eerste paar jaar slechts lage melkprijzen konden worden uitgekeerd. Nadat in de eerste paar jaar slechts lage melkprijzen konden worden uitgekeerd, is de prijs geleidelik gestegen, zoodat over 1933 6 pence per gallon…kon worden uitgekeerd. De prijs zou nog kunnen worden verhoogd,o.a. door vestiging van meer kolonisten, indien een grootere hoeveelheid melk kon worden verwerkt,daar de fabriek niet op volle capaciteit kan worden gebracht…"

Die kommissie se bemarkingspoging was egter, in die geheel beskou, net so 'n mislukking soos vorige pogings deur individue soos Pont en Veldman.[98] Nietemin is voortgegaan en, soos in Veldman se bestuurstermyn, vir minimale bedryfsuitgawes rakende die Wonderfontein nedersetting begroot. Teen 1938 is twee bedryfsleiers ook vergoed gedurende die termyn van Aukema as bedryfsleier as opvolger van Engels.

### 3.4 Ontwikkeling gedurende die Aukema-termyn

As winkelier/ouditeur was bedryfsleier J.A. Aukema se vaardighede minder landbougerig as sy voorgangers. Oud-Wonderfonteinse nedersetter J. Grashuis het ook in sy termyn teruggekeer in die plek van boer Nienhuis wat glo nie meer die mas kon opkom nie. Sou

---

97. Stichting Landverhuizing, "De Nederlandsche Landbounederzetting op Wonderfontein", p.7 (De Bussy:Amsterdam, 1934).

98. In 'n brief is die kommissie gekritiseer oor hulle nie in die bemarkingspoging van 1934 meer werk gemaak van toeligting oor die grondprys nie. Vergelyk ZA-HUIS, ZASM-Argief, Amsterdam, M5-15, Korrespondensie Wonderfontein, 1933-1936.

voornemende boere dus hulle weg na Wonderfontein vind, gegrond op 1934 se bemarkingsartikel, sou hulle 'n geheel ander beeld teen 1936 moes aanskou. Gegrond op verslae was daar vir die eerste keer sedert vestiging werklik 'n gees van ekonomiese pessimisme vanweë die lae melkpryse, die sukkelende kaasfabriek as gevolg van bestuursfoute wat soms onder leiding van heer Van Es gemaak is en verliese tot gevolg gehad het. 'n Toename in die verkope van melk het ook die produksie van kaas benadeel.

Die kommissie het, via die verslag deur Van den Berg, sy misnoeë (dikwels heel vrypostig-krities) teenoor sommige nedersetters uitgespreek. So byvoorbeeld is Van Lutterveld , De Lange, Folkerts (slagter) en P.D. Jensma uitgewys as sukkelaars wat nie op Wonderfontein geduld kon word nie. Teenoor Clay (hoenderboer) en Blaauw is meer positiewe opmerkings gemaak. Jan Eggo Hommes se skynbare pessimisme oor die toekoms van die omgewing vir boerdery en die nedersetting is nie verwelkom nie. Dit blyk verder ook dat, alhoewel die ZASM se betrokkenheid in Hommes se dorpsplanne (die voorgenome Oberholzer dorp) genoem word, die kommissie van Wonderfontein nie so beïndruk was met Hommes se pogings om Wonderfontein-eienaars na sy voorgenome 'township' te trek nie. Die kommissie Wonderfontein het vanaf 1936 probeer om Hommes uit die voorsitterstoel van die kaaskoöperasie te lig, aangesien die bykomende belange van Hommes en sy direkte insae in hulle ekonomiese belange nie vir hulle aanvaarbaar was nie.

Ander realiteite wat aanleiding gegee het tot 'n gees van pessimisme, is die stand van die paar sekondêre bedrywe op Wonderfontein. So byvoorbeeld was die hotel nie meer deur enkellopendes en reisigers benut soos van te vore nie. Aan die bou van 'n nuwe poskantoor is weliswaar aandag gegee, en het hierdie bedryf se dienste al hoe gewilder geword weens die goudmynaktiwiteite in die omgewing in wording. Die kommissie het daarin geslaag om die inspekteur van poswese sover te kry om die oprigting van 'n nuwe hulpposkantoor op hulle grond goedgekeur te kry en die aanvanklik aanbod van Hommes wat aanvaar is, nietig verklaar te kry. Voorts moes Aukema sy winkel verder uitbrei om as volwaardige mededinger met die nuwe winkel op Hommes se grond te kon kompeteer, sowel as die 'koelie-winkel' – aldus van den Berg – wat aanstonds langs die spoorlyn verwag is. Dit het tydelik spanning tussen Hommes en Aukema gebring. [99]

99. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 14, Rapport over Wonderfontein van K.F. van den Berg,October 1936, pp. 1-25.

### 3.5 Botsende dorpsvooruitsigte tussen J.E. Hommes en die ZASM

Toe dit bekend word dat goudmynbedrywighede in Wonderfonteingebied gaan begin, het nedersetter Jan Eggo Hommes vinnig inisiatief geneem en 'n gedeelte van sy grond op Wonderfontein afgestaan vir die uitlê van 'n dorp. 'n Stewige versameling van briewe wat Hommes aan sy ouers in Nederland geskryf het oor die dorpsontwikkeling, sowel as die handjievol Nederlanders se doen en late, het vir die nageslag behoue gebly.[100] Hommes, toe reeds byna vier jaar in Suid-Afrika en 'n loseerder by mnr. Engels, het daarop aktief begin navraag doen na die ondergrondse regte van sy grond op Wonderfontein. In 'n brief aan sy familie in Nederland skryf hy:

> 't gaat hier niet als in Holland over goede of slechte grond maar 't gaat hier over goud....[101]

Hommes se navrae en merkbare opgewondenheid, afgelei uit sy vele briewe aan sy Hollandse familie, het eventueel uitgeloop op sy besluit in 1936 om 'n dorp op sy grond te ontwikkel. Uiteraard met die nodige ondersteuning van die ZASM en die Nederlandse Bank, aangesien hulle die toesighouers vir die kommissie van Wonderfontein was.[102]

Hommes was baie optimisties dat die dorpsraad toestemming sou gee dat 'n dorp aangelê kan word, en dit is ook duidelik uit sy skrywe dat hy gemeen het dat die aanwesigheid van 'n poskantoor, 'n skool,'n besproeiingsskema en 'n spoorwegstasie in sy guns getel het om persele maklik te verkoop. Sowat 600 persele is in die vooruitsig gestel waarvan 50 vir besigheidsdoeleindes vasgestel is.[103]

Hommes se voorgenome 'Township' Oberholzer, en die wyse waarop hy die ZASM en die kommissie Wonderfontein wou betrek, maar klaarblyklik ook wou 'indoen', uit blyke van die Van den Berg-verslag, het samewerking en eenheid onder die nedersetters en die kommissie van Wonderfontein verder vertroebel. J.H. Fehrsen, die

100. Hierdie briewe, verkrygbaar in die Nasionale Argief in Pretoria, is deur Beelaerts van Blokland versamel. Kyk ook NAB, TAB, Korrespondensie, Van Boeklen/J.E. Hommes, 21 April 1933; Hommes/Familie Nederland, 1933 [só gedateer sonder besondere toeligting].

101. NAB,TAB,Korrespondensie,Van Boelen/J.E. Hommes,21 April 1933; Hommes/Familie Holland,1933 [só gedateer sonder besondere toeligting].

102. Vergelyk NAB, TAB, Aanwinste (WHA), Korrespondensie, J.E. Hommes/Familie Holland, 14 Juni 1938; NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), Economische Rapporten (EO), Band 1, lêer 85/86, Korrespondensie Hoofagent Nederlandsche Bank vir Zuid-Afrika, Directie Nedbank voor Z.A., Amsterdam,11 Juni 1935; MP, Band 14, Korrespondensie NZAV (Johannesburg)/J.D.D. Pruissen van kommissie Wonderfontein, 9 Maart 1947.

103. NAB, TAB, Korrespondensie, Aanwinste (WHA), J.E. Hommes/Familie Holland, Januarie-Maart 1936; Mei 1936.

regeringslandmeter, is deur kommissielid Van den Berg ingespan om die dorpsposisie op Wonderfontein, en die kommissie se samewerking soos deur Hommes versoek, noukeurig na te gaan. Daar is afgelei dat Hommes moontlik net hulle naam wou gebruik om die dorpsproklamering van Oberholzer vinniger te laat vorder en, aldus van den Berg, die Kommisssie se posisie te onderspeel. Die kommissie moes besluit of hulle bereid is om die kostes wat met dorpsuitleg en dorpsproklamering gepaard gaan, te dra.[104] Moeite is ook gedoen om 'n tak van die Nederlandsche Bank op Wonderfontein te vestig – 'n gerief op Welverdiend wat bewoners van die Fochville-dorpie met die Wonderfonteiners gedeel het.[105]

Alhoewel Hommes reeds teen Maart 1938 in afwagting was op die proklamering van Oberholzer na die opmeting afgehandel is,[106] is die dorp eers amptelik in Januarie 1939 as Oberholzer geproklameer. Vir die kommissie Wonderfontein van die ZASM was die goedkeuring van Hommes se versoek om dorpsproklamering heelwaarskynlik 'n teleurstelling. Gedurende 1937 tot 1948 is drie goudmyne in die omgewing gevestig en as uitvloeisel daarvan ses dorpe geproklameer, waaronder Oberholzer.[107]

## 3.6 Die Wonderfonteiners en 'n nuwe bedeling, 1939-1948

Op die vooraand van 'n wêreldoorlog het die kommissie van verdere terugslae rakende hulle betrokkenheid op Wonderfontein verneem. Die skoolkie moes na 'n grootse amalgamasieproses onder skole landwyd sy deure sluit. In 'n brief van Hommes van 14 Junie 1938 noem hy dat Kerling na Roodepoort verplaas is as gewone onderwyser, en dat 'n bus vanaf Stinkhoutboom tot Roodepoort loop wat kinders van die omgewing kon oplaai sou hulle daar wou skoolgaan.[108]

Onder meer het van die ideaal om 2000 stoetbeeste op Wonderfontein gevestig te kry, ook nie veel van gekom nie vanweë lae nedersettergetalle. Slegs 214 stoetbeeste is deur die kommissie se

---

104. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 14, Rapport over Wonderfontein van K.F. van den Berg,October 1936, pp. 1-25.

105. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), OI, Band 6, lêer s 104-115, Korrespondensie, G.P. Otto(Agent Nederlandsche Bank/Hoofagent Pretoria, 29 Oktober 1938; 24 Oktober 1938;14 November 1938; OI, Band 7, lêers 35-36, Korrespondensie, 29 December 1947; 3 Januari 1948.

106. NAB, TAB, Korrespondensie, Aanwinste (WHA), J.E. Hommes/Familie Holland, 30 Maart 1938.

107. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, Ekonomiese ontwikkeling en die invloed daarvan op Carletonville …,p.23.

108. NAB, TAB, Korrespondensie, Aanwinste (WHA), J.E. Hommes/Familie Holland, 14 Junie 1938.

verteenwoordiger, A.P. Brugman, van die maatskappy Altmann & Brugman in sy verslag vermeld. Van die sowat 2 955ha grond was slegs 91,6 ha grond onder besproeiing.[109] Voorts korrespondeer Aukema in April met Brugman dat die Adorp-Koöperasie van 11 lede nie sy taak verder kan voortsit nie. As redes is voorgehou die beperkte melkkwotas komende van slegs 'n handjievol van die elf lede, terwyl een lid, Ingewersen, verhuis het.

Lede van die köoperasie het nie meer die koöperatiewe vereistes as wenslik geag nie, maar het hulle die kommissie aangemoedig om ander weë te vind om die fabriek te behou sodat elk individueel aan die eienaar van sodanige fabriek melk kon voorsien.[110] Die rede vir hierdie besluit, sowel as die traagheid om melk te voorsien, mag dalk verbind word aan die nuwe ekonomiese vooruitsigte wat die omgewing geraak het. Melk kon heel moontlik elders en onder mynwerkers 'n beter koopprys haal. Die Köoperasielede het ook hulle ontevredenheid te kenne gegee oor die kommissie se benadering dat hulle oor jare heen self die uitrusting vir die fabriek moes voorsien en herstelwerk uit winste van 'n handjievol lede moes verhaal. Die kommissie is verder aangevat:

> …grieven te moeten hebben tegen de Commissie omdat handelsrechten [v]erder gereserveerd, terwijl de eigenaren van daarnaast gelegen gronden ongestremd handel mog drijven…De Co-operatieve Maatschappij is gekortwiekt door weetelijke verplichting slechts de productie van haar leden te koopen…. [111]

Ongeag Aukema se voorstel om die kaasfabriek vir 'n jaar van die kommissie te huur, het die kommissie Wonderfontein besluit om die fabriek op 'n publieke veiling te verkoop.[112] Met hierdie optrede het die kommissie dan ook daarmee te kenne wou gee dat die Wonderfonteinse nedersetting nie op 'n kunsmatige wyse aan die gang gehou gaan word nie, en dat hul die emigrante landbounedersetting, by

---

109. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 13, Korrespondensie, A.P. Brugman/K.F. van den Berg & J.D.D. Pruissen, 17 Oktober 1938;19 Julie 1939.

110. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Korrespondensie, Aukema/A.P. Brugman, 27 April 1939.

111. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Korrespondensie, A.F. von Reiche (Ned. Bank agent//Hoofagent Pretoria, 6 Mei 1939.

112. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Korrespondensie, A.P. Brugman (Commissie voor Wonderfontein)/J.P. Kakebeeke (Hoofagent, Nederlandsche Bank voor S.A., 21 November 1939; Mackenzie & de Villiers/Secretary Adorp Landbouw Maatschappy, 14 November 1939; Copy Advertisement of auction,30 November 1939.

implikasie, steeds as 'n mislukking ag en sodanig hanteer.[113] Verdere plaasverkope het hierna gevolg, en die kommissie se ideaal dat 'n dorp wel eventueel realiseer is insiggewend. Voor goudmynontwikkeling wou hulle nie veel weet van enige sekondêre ontwikkelings nie.[114] Grondaankope op Wonderfontein is ook deur New Consolidated Gold Fields Ltd. van die kommissie versoek.[115] Ten spyte van hierdie verwikkelinge was daar steeds 'n groepie nedersetters in die omgewing werksaam met Aldert Jan Grashuis, as oud-bewoner van die Veldman-era en 'n emigrant vanuit Uithuizen (noord-Holland), as bedryfsleier van die nedersetters. Die kommissie van Wonderfontein as verteenwoordigers van die ZASM was nog sigbaar in die agtergrond ongeag gerugte dat die kommissie sy werksaamhede gestaak het.[116]

Dit blyk dat van die groepie bestaande nedersetters hulle heel goed van hulle taak gekwyt het. Hommes noem onder meer dat melk vir verkope na Johannesburg gestuur word, dat dit met die dorp Oberholzer se erfverkope bevredigend gaan en dat hy nog boonop 'n teëlfabriek in Krugersdorp het sowel as aandele in 'n steenfabriek op die dorp bank. Van nedersetter Lutterveld se tweede suksesvolle steenfabriek word melding gemaak. Hommes vermeld ook Elema se vooruitstrewende boerdery.[117] Ondertussen was die kommissie van Wonderfontein geleidelik besig om al die Wonderfonteingrond waaroor hulle tot toe nog beheer gehad het, aan veral die goudmyngroepe en 'n tal Suid-Afrikaanse boere te verkoop.[118]

---

113. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Hoofdagent Nederlandsche Bank voor Z.A./Die directie Nederlandsche Bank voor Z.A. in Amsterdam, 1 Mei 1946.

114. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Korrespondensie, Agent, Nederlandsche Bank voor Z.A./Hoofagent Pretoria, 28 September 1943; Advertensie in *Die Vaderland*, 5 September 1943.

115. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Korrespondensie, Hoofdagent, Nederlandsche Bank voor Z.A./Die Directie Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika in Amsterdam, 10 November 1945; 17 Januari 1946; 26 November 1948.

116. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 11, Korrespondensie, Hoofdagent, Nederlandsche Bank voor Z.A./Die Directie Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika in Amsterdam, 7 Augustus 1947; Verslag A.J. Grashuis, 25 Julie 1947; Relatsies en Klanten (RK,) Band 27, lêers 41-44, Korrespondensie, Hoofdagent, Nederlandsche Bank voor Z.A./Die Directie Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika in Amsterdam, 10 Augustus 1948; 26 November 1948; MP, Band 16,Korrespondensie , A.J. Grashuis/A.P. Brugman, 25 Mei 1948; A.P. Brugman/Nederlandse Bank vir Suid-Afrika, 28 Mei 1948.

117. NAB, TAB, Korrespondensie, Aanwinste (WHA), J.E. Hommes/Familie Holland, 24 December 1947.

118. Vergelyk ZA-HUIS, Amsterdam, ZASM, M5-15, Wonderfontein ix, Commissie voor onderfontein, 1946-1969, Korrespondensie, 6 Maart 1969.

'n Terugslag vir die toekoms van die nedersetter-geïnspireerde dorp Oberholzer dorp het gevolg toe Gold Fields besluit het om 'n dorp nader aan sy goudmyn Wes-Driefontein op die plaas Twyfelvlakte, suid van Wonderfontein, aan te lê.[119] Die registrasie van Carletonville-dorp is amptelik in Januarie goedgekeur. Teen 1950 was dit feitlik 'n uitgemaakte saak dat Oberholzer dorp nie kragte kan meet met groter geld en besluitneming op hoër vlak nie. Oberholzer-dorp, geleë feitlik teenaan Carletonville se noordelike grens, is noodwendig mettertyd as 'n uitbreiding van Carletonville ingelyf.[120]

## 4. 'n Snel veranderende omgewing, 1948-1969

Ná 1948 het dorpsontwikkeling in die Wonderfontein-omgewing, met Carletonville as groeipunt, snel gevorder.[121] 'n Ander vreemdheid waaraan die nedersetters gewoond moes raak, en hulle regte by tye moes laat geld, is die verrysing van plakkerkampe op hul grond.[122] Klagtes in hierdie verband het gelei tot die uitleg van 'n swart dorp.[123] Grashuis het steeds getrou jaarliks sy verslag as bedryfsleier rakende die Wonderfontein nedersetters se landbouwerksaamhede aan die kommissie Wonderfontein te Amsterdam gestuur. Die nedersetters se verskaffing van melk aan o.a. Phibs van Carletonville en die omliggende goudmyne[124] het deels bygedra tot die vergroting van die melkproduksie. Ongeag die opvallende stabilisering van verliese en probleme van die voorafgaande twee dekades, was die kommissie

119. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, *Carletonville, van pionierstreek tot goudspens*, pp..96-100; Tullius,"Dorpsaanleg in winterslaap",Rondom die Gatsrand-rubriek,Bylae tot die *Potchefstroom Herald, Carletonville Herald, Noord Vrystaatse Herald*, 14 Oktober 1988, p.4.

120. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, *Carletonville, van pionierstreek tot goudspens*, p.66; Anon., Carletonville kan 'n groot sentrum word, *Die Vaderland*, 4 Oktober 1950.

121. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), EO, Band 11, lêers 102-108, Ekonomiese oorsig deur die Bestuurder van plaaslike Nedbank-tak,31 Des 1957; 31 Januarie 1958; 28 Februarie 1958; 31 Maart 1958; 30 April1958; 31 Mei 1958; 30 Junie 1958.

122. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 17, Korrespondensie Besturende Directeur Nederlandsche Bank van S.A./Commissie Wonderfontein (ZASM,Amsterdam),13 Augustus 1954,p.2.

123. Vergelyk Carletonville (Munisipaliteit), Local Area Committee (LAC), Minutes, minute 20 June 1957. Die LAC-dokumente van Carletonville is in Maart 2000 na die Sentrale Argiefbewaarplek in Pretoria oorgeplaas.

124. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 17, Overzicht 1953-54 van A.J. Grashuis aan Commissie van Wonderfontein, Junie-Julie 1954; NAB, TAB, WHA 90, Korrespondensie G. Hommes (J.E. Hommes se moeder van Niemegeñ)/A. Wÿpekema, 2 Januari 1961.

versigtig om sy goedkeuring te heg aan die aankoop van verdere bedryfsuitrusting soos deur Grashuis versoek.[125]

Die spore van die nedersetterpioniers in die Wonderfontein-omgewing was in hierdie stadium steeds sigbaar en benut. Die eertydse skooltjie is deur die voorman (dalk R. Toxopeüs) en sy gesin bewoon. Die 'oude' Oranjé Hotel, wat ten datum bloot as woning gedien het, is herstel.[126] Hommes se Oberholzer-dorp was nie meer so prominent in sy later briewe aan sy ouers in Nederland nie, aangesien verkope van erwe redelik traag verloop het. Sy verskaffing aan melk in Krugersdorp en sukses met varkboerdery is in korrespondensie ter sprake.[127] Soos tydens die Tweede Wêreldoorlog, het die kommissie hom laat geval om sommige aanbiedinge vir grond aankope op Wonderfontein deur die plaaslike owerheid van Carletonville en die goudmyne deur te sien.[128] Van bemarking om nog nedersetters te trek, was daar nog sporadiese pogings van. Dit blyk dat die vernaamste doel eerder was om die grond sodanig in stand te hou sodat minstens verhaal kan word wat geldelik ingeploeg is. Danksy dorpsontwikkeling, is verwagtinge oortref.[129]

In 1962 is nog 'n myn, genaamd Western Deep Levels, deur die destydse Anglo American Corporation in Carletonville gebied geopen. Hierdie blye ekonomiese tyding vir bewoners van die omgewing het saamgeval met die een tragedie op die ander toe die proses van drooglegging van die ondergrondse waterbronne op Wonderfontein en Bank deur Gold Fields tot sinkgate en 'n waterskaarste gelei het.[130] Daarop het gevolg beskuldigings van boere, ook van die nedersetters, dat water wat deur die myn deur afvoerpype na hulle eiendom gelei is, skadelik elemente vir gewasse en vee ingehou het. Dié kon teen 1969 nog nie onomwonde bewys word nie. Ondertussen het van die

---

125. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 17, Korrespondensie Besturend Directeur Nederlandsche Bank van S.A./Commissie Wonderfontein(ZASM,Amsterdam),13 Augustus 1954,pp.1-2.

126. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 17, Overzicht 1953-54 van A.J. Grashuis aan Commissie van Wonderfontein, Junie-Julie 1954.

127. NAB, TAB, WHA 90, Korrespondensie G. Hommes (J.E. Hommes se moeder van Niemegeñ)/A. Wÿpekema, 2 Januari 1961

128. Stadsraad van Carletonville (Carletonville), Raadsnotules,Julie-Desember 1959, notule 28 Julie 1959.

129. Vergelyk in ca. Zuid-Afrika, ANON., "De verre westrand en Nederlandse pioniers", pp.22-23, (jaar onbekend). Dit word vermeld dat die berig aanvanklik sy ontstaan gekry het uit die inisiatief van die publikasie "Die Mynwese" se verwysing na die nedersetters.

130. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, Carletonville, van pionierstreek tot goudspens, hoofstuk Ses.

oorblywende nedersetters die kans benut om, soos die kommissie van ouds, van hulle grond ontslae te raak. Die Verre Wesrandse Dolomitiese Waterraad wat met skadevergoeding belas was, het versakte dele grond gekoop. Van al die pionier nedersetters met landbougrond wat besluit het om te verkoop, was Hommes die bekendste en sy besluit waarskynlik 'n gevoelige terugslag vir die plaaslike gemeenskap.[131] Ook die kommissie het teen 1969 van sy laaste grond in Wonderfontein verkoop. Daarmee kan aanvaar word dat die kommissie vir Wonderfontein vir alle praktiese doeleindes toe opgehou het om te bestaan. Die opbrengs op Wonderfontein is oor jare heen in die rekening van die NZAV (Pretoriatak) en die ZASM (Amsterdam) se rekenings gestort .[132] Alhoewel min van hierdie syfers opgespoor kon word, dui 1963 se boeke alreeds op die inning van £110 000.[133]

## 5. Wonderfontein: suksesvolle mislukking? – 'n evaluering

Die Wonderfontein immigrasieprojek kan of as 'n sukses of as 'n mislukking beskou word – afhangende vanuit die bril waarna die historiese gebeure benader word. Pont en die ZASM se emigrasiepogings in die twintigerjare het klaarblyklik as 'n vername ekonomiese missie gehad die hulp aan boere ter plaatse weens die ongesonde onderverdeling van grond in Nederland. As bymotief tot hierdie missie was daar die koestering van die stamverwanstskapsgedagte onder enkeles, sowel as 'n polities-gefundeerde motivering gesetel in 'n assosiëring met Afrikanernasionalisme teen Britse oorheersing. In 'n brief, gedurende Desember 1928 van die NZAV-bestuur aan die ZASM-bestuur word nadruklik genoem:

> …Niet alleen omdat de vestiging van Nederlandsche boeren in de Unie naar onze meening van veel grooter invloed kan zijn op ontwikkeling van de verhoudingen in dat land, maar ook omdat het voor Nederlandsche landbouwers in het algemeen noodig is, dat er voor iets gedaan word… Wonderfontein…kom ons hoogst belangrijk voor, omdat,

131. E.S. VAN EEDEN, Ekonomiese ontwikkeling en die invloed daarvan opCarletonville,1948-1988: 'n Historiese studie, pp.89-91.

132. ZA-HUIS, Amsterdam, ZASM, M5-15, Wonderfontein ix, Commissie voor Wonderfontein, 1946-1969; Finansiële state, 1955-1965, Korrespondensie, 6 Maart 1969. Finansiële state vir 1969 was nie in die ZASM-dokumentasie gevind nie.

133. Vergelyk ZA-HUIS, Amsterdam, ZASM, M5-15, Wonderfontein ix, Commissie voor Wonderfontein, 1946-1969; Finansiële state, 1955-1965, Wonderfontein Overzic ht, 5 Juli 1963; Korrespondensie, 6 Maart 1969.

> mocht dit plan slagen er voor het eerst sedert langen tijd in Zuid-Afrika een goed voorbereide Nederlandsche nederzetting zou ontstaan, gevorm door bekwame landbouwers, met kapitaal, die in het boerenbedrijf zijn opgegroeid en die komen uit de beste meest moderne landbouwstreek van Nederland.[134]

Om hierdie doel te bereik, bied die ZASM met insette van hul frontorganisasie die NZAV in 1928 morele en beperkte steun aan Freerk Veldman – die eerste emigrasieleier. Hy is met ‘n besonderse reputasie na Suid-Afrika. Die ZASM was wel aanvanklik nie gelukkig oor sy voortvarende wyse van hantering van die kooptransaksie rakende die plaas Wonderfontein nie. Die ZASM-visie en navorsingsuitsette na emigrasie moontlikhede vir hul eie mense moes deur Veldman deurgesien word. Dit het hy met ‘n persoonlike passie onderneem. Ten laaste wat die missie of motief vir emigrering van die emigrante nedersetters na Wonderfontein betref, blyk dit dat die meeste bereid was om te verhuis vanweë werkloosheid in Nederland. Mediese oorwegings het ‘n besliste rol gespeel en die hoop om, ekonomiesgewys, ‘n beter bestaan te maak as in die eie vaderland. Derhalwe was daar geen rede vir die meeste om nie hulle kant te bring nie – nie dat ‘n gemeenskap maar van tyd tot tyd mislukkings blyk te beleef nie.

Met soveel ideale vanuit verskillende oorde, kan tereg gewonder word waarom dan die uiteindelike mislukking of suksesvolle mislukking in Wonderfontein. Die ZASM was teen 1928 al kennelik sensitief vir mislukkings wat klaarblyklik elders beleef is. Vandaar die strenge hantering van Veldman en die betrekking van die Nederlandsche Bank in die oorhoofse finansiële toesig van die Wonderfonteinse nedersetting.[135] Die ZASM se benadering en ideaal was die werwing van vermoënde boere wat grond kon koop sowel as oor bedryfskapitaal beskik het om van hul gekoopte gedeelte ‘n sukses te maak. Dit het nie in die praktyk so eenvoudig verloop nie. Die meeste emigrante het om finansiële steun versoek – ‘n versoek wat tevergeefs was en net met druk op ‘n manier van die ZASM verkry is. Selfs sekretaris Pont erken in Februarie 1931:

> …Ik ben blij dat ik op Wonderfontein kon zijn en in mijn rapport kon melden dat er groote fouten gemaakt door de heeren in Amsterdam; Veldman als bedrijfsleider en gebrek

134. ZA-HUIS, NZAV, VI, Korrespondensie, Personen, Instellingen, Activiteiten, Brief Hoofbestuur NZAV/Bestuur Vereeniging ZASM, 3 December 1928, p.1.

135. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), Banktakken,(BT), Band 3, Lêer 41/41A, Brief, Hoofdagent/Agent Potchefstroom, 14 Februari 1929.

> aan kapitaal voor het bedrijf. En waarom kon de Bank [Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika] geen crediet geven? Hier zijn vragen te over, maar voor alles is een Z.A. gevolmachtigde nodig, die van landbouzaken wat afweet. De politiek van de N.Z.A.V. is onjuist, zoolang de Kaap uit Londen geregeerd werd, was het mis met de Kaap, mutates mutandis…[136]

Veldman se byna desperate publisiteitspogings[137] om lede van die Suid-Afrikaanse regering en plaaslike koerante se aandag op die nedersetting te rig met ekonomiese steun as vername motief, was nie geslaagd nie. Verder het dit ook net gramskap gewek by die lede van die Wonderfontein kommissie en die ZASM-bestuur. In korrespondensie van 1931 is dieselfde houding, dié keer van die NZAV in Johannesburg aan hoofkantoor in Amsterdam, op skrif gestel. [138]

Dit blyk dat departemente en instansies van beide Regerings op nasionale vlak om lenings genader is. Departemente was nie begerig om te betrokke te raak nie. Britse teenwoordigheid in regeringskringe het ‘n besliste demper geplaas op inisiatiewe wat moontlik mag bestaan het.[139] ‘n Gebrek aan toenadering in hierdie verband het daartoe bygedra dat die aanvanklik missie, nl. ‘n emigrasieprojek vir landbouers, misluk het – misluk in die sin dat ‘n stagnasie in uitbreiding ingetree het, en die motief van stamverwantskap hol gelaat het. Andersins ekonomies suksesvol omdat ‘n handjievol emigrante landbouers die bedryf voortgesit het met beperkte kommissiehulp. In ‘n verslag van E.H. Ebels aan die Stichting Landverhuizing gedurende 1932 (toe die ZASM al Wonderfontein as ‘n mislukking beskou het), meld hy:

> Wanneer men mij dus vraagt of W[onderfontein] een success kan worden als Nederlandsche kolonie, dan ben ik geneigd te zeggen, het is bijna al een success…dit [die getal nedersetters] zijn dus samen reeds nabij de 40 menschen de

---

136. ZA-HUIS, ZASM, M5-8, Wonderfontein II, Collectie J.W. Pont, XLVI, Uittreksels uit brief, 25 Februarie, 1931.

137. Benewens die bronne wat reeds uit die voorafgaande teks hieroor gegee is, is *Die Groninger Landbouwblad*, 10(49), 13 Julie 1929 en 3 Augustus, 1929 ook van belang.

138. Vergelyk NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), MP, Band 9, Korrespondensie ZASM, Johannesburg/ZASM Amsterdam, 3 Februari 1931.

139. ZA-HUIS, NZAV, VI, Korrespondensie, Personen, Instellingen, Activiteiten, Brief Hoofbestuur NZAV/Bestuur Vereeniging ZASM, 3 December 1928, p.2.

> grootste Nederlandsche landbouwkolonie tot nu toe in de Transvaal sticht….[140]

Soos wat die Wonderfonteinse projek met verloop van jare gevorder het, was ekonomiese oorwegings by alle reeds vermelde partye 'n groter aansporing as enige polities-gedrewe agenda.[141] Kritiek teen Veldman se bemarkingsbenadering reflekteer eintlik terug na die ZASM. Veldman wou moontlik met bogemelde bemarkingsbenadering nog boere aanmoedig om te kom, aangesien hy aanvanklik hoofsaaklik verantwoordelik gehou is vir die nedersetting en die finansiële uitgawes daaraan verbonde. Soveel as moontlik Nederlanders wou deur die ZASM aangemoedig word, maar met vele voorbehoude: geen regeringskontak, self gefinansier, bemarking is gesien as alleenlik moontlik as resultate beskikbaar is, ensovoorts. Daarmee saam was ekonomiese omstandighede vir die landboubedryf vanaf 1929 tot 1934 moeilik, vanweë 'n depressie periode wêreldwyd wat as een van die ergstes van die twintigste eeu gereken is. 'n Grondige kennis van die Suid-Afrikaanse landboutoestande is nie 'n kundigheid wat oornag verwerf kon word nie. Dit is kwalik moontlik om 'n landbou nedersetting binne twee jaar effektief te bedryf - gegewe die bepaalde landbou-omstandighede in Suid-Afrika.

Hoe dit ook al sy, met die "mislukte" emigrasieprojek steeds aan die gang na 1934 omdat grondpryse sodanig gedaal het dat die ZASM deur die kommissie van Wonderfontein woordvoerders aangeraai is om eerder te wag alvorens verkope aangemoedig word. Grond is aan enige persoon verkoop wat vermoënd genoeg voorgekom het om te betaal[142] – van die heer Waks (van Joodse afkoms) tot De Freitas ('n Portugees).[143]

Die suksesvolle mislukkingsfase vir die ZASM en frontorganisasies rakende hul 'Wonderfonteinlas' het aangebreek toe die goudmynbedryf in die Wonderfontein-omgewing begin het, en grondpryse spoedig die hoogte ingeskiet het – 'n gebeurtenis waarvan hulle lank reeds kennis gedra het, maar net gewag het op die


---

140. ZA-HUIS, ZASM, M5-8, VerslagE.H. Ebels/Heer Hartland, Stichting Landverhuizing, 3 October 1932., pp.3;5.

141. NEDBANK ARGIEF (Johannesburg), Banktakken,(BT), Band 3, Lêer 41/41A, Brief, Hoofdagent/Agent Potchefstroom, 14 Februari 1929.

142. Vergelyk ZA-HUIS, NZAV, Afd. VII Diensten, ViiA Emigratie, Diverse Correspondentie, 1930-1936, aantekeningen over Wonderfontein, K.F. van den Berg, 28 Mei 1934, p.5.

143. Vergelyk dokumentasie soos ZA-HUIS, Amsterdam, ZASM, M5-15, Wonderfontein ix, Commissie voor Wonderfontein, 1946-1969; Finansiële state, 1955-1965, Korrespondensie, 6 Maart 1969.




**A**: F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal, 1837-1886, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing.
**B**: The Transvaal Government Gazette Extraordinary, XIX (430), 24th December, 1906.
**C**: Nagetrek vanaf Kaart, Suid-Afrika, 1:50 000 vel 2627 AD Carletonville, 1978.

verwerkliking daarvan. Vir die nedersetters was hierdie gebeure ook ‘n fase van voorspoed en sukses. Ekonomiese kompetisie tussen nedersetters onderling en tussen die kommissie van Wonderfontein en die nedersetters, is weer ‘n ander sage in hierdie historiese gebeurtenis. Feit bly dat toe die kommissie se werksaamhede en belang by Wonderfontein as landbouprojek prakties beëindig is, daar aansienlik meer in die geldkas was as wat ooit aanvanklik ekonomies voorsien is. Wonderfontein se uiteindelike ekonomiese sukses is met totaal ander motiewe as die oorspronklike van 1928 verkry. Winsbejag was byvoorbeeld oënskynlik nie deel van die ZASM doel nie. Dit het wel in handeling anders oorgekom.

Met Veldman, ander ondersteuners en die groepie Nederlandse emigrante – uit die weg of andersins in ‘n beperkte bedingingsposisie by die ZASM-bestuur en ferm toesighouding van die Wonderfonteinse kommissie, het weinig sigbaar tereg gekom van enige vorm van stamverwantskapsideale wat mag bestaan het. Aanvanklike bydraes ten opsigte van posisie en kundigheid wat gemeen is gemaak kon word soos die ontwikkeling van verhoudinge (hetsy tussen blank en blank of dalk blank en swart, het min van tereg gekom. Alhoewel herinneringe wat hiermee verband hou van die emigrantepioniers beperk is, is dit tog insiggewend.

In Veldman se verslae tot 1931 merk hy byvoorbeeld dikwels op dat dit nie maklik is om met Afrikaners saam te werk nie en dat emigrante maar moet ligloop vir hierdie ‘spesie’. Plaaslike nedersetters se moontlike empatie met sommige blanke Afrikaners se strewe na ‘n onverbondenheid met die Britse regering, kom die beste na vore in eertydse skoolhoof Karel Kerling se deelname aan aktiwiteite van die kultuurgedrewe Ossewa Brandwag. Hy is dan ook gebrandmerk as een van die plaaslikes wat aan sabotasie skuldig bevind is en na ‘n interneringskamp gestuur is.

Oor die nedersetters se uitkyk op veral die blanke Suid-Afrikaner teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog is enkele herinneringe opgeteken. Wanneer daar wel by uitsondering hieroor skriftelike opmerkings gemaak is, was dit nie besonder vleiend nie. Hommes stel dit in ‘n brief aan familie in 1947 dat:

> Hij [Veldman] vindt de Afrikaanders een minderwaardig volk en een Groninger boer die daartusschen moet zitten kan niet gelukkig zijn, en daar zit we veel in en dat is misschien ook

> een van de redenen waarom ik hier later verzeild geraak ben....[144]

Volgens mevrou Hommes was die nedersetters in staat om heel gemaklik in die Carletonville-gebied oor die weg te kom met almal (o.m. Jood, Indiër, swartman), en het hulle hul nie baie gesteur aan sommige blanke Afrikaners se, oënskynlike, rassistiese en chauvinistiese uitkyk op die lewe nie.[145] Dit is egter nie van alle nedersetters waar nie. In heelwat korrespondensie is uitsprake met 'n rassistiese en 'n klasseverskilstrekking opgemerk.[146] Die emigrante was wel deeglik daarvan bewus dat hulle die werklikheid van 'n nuwe vaderland moes aanvaar, en met die handel en wandel van Suid-Afrikaners sou moes assimileer. Dit het egter jare geneem. Bes moontlik is die waterkrisis (gedurende veral die sestigerjare van die twintigste eeu) in Carletonville met die goudmyne, dié een faktor wat emigrant en boorling vir die eerste keer werklik nader aan mekaar gebring het.[147] Dit te midde van 'n toenemend vyandige Nederland teenoor Suid-Afrika se apartheidswetgewing en rassistiesgebonde menseverhoudings.


## Abstract

### Dutch emigrants on the farm Wonderfontein, 1928-1969: a successful failure under the banner of kinsman relations and economic motives

The Wonderfontein immigration project in South Africa by the Dutch related company ZASM can be interpreted as a success or a failure – depending on the way the history of the Wonderfontein project is approached. Perhaps a failure regarding the original aim of developing an agricultural oriented community and economy. By being "involved" in


---

144. NAB, TAB, Korrespondensie, Aanwinste (WHA), J.E. Hommes/Familie Holland, 24 December 1947. Hommes stem saam met Veldman, maar sy reaksie dat hy "hier verdwaal of verval" het, is ietwat vaag en te beeldsprakig om regtig behoorlik te begryp.

145. ONDERHOUD, G. Hommes (vrou van J.E. Hommes)/E.S. van Eeden, 15 September 1999; 25 November 1999.

146. Vergelyk ZA-HUIS, NZAV, VI, Korrespondensie, Personen, Instellingen, Activiteiten, Brief Hoofbestuur NZAV/Bestuur Vereeniging ZASM, 3 December 1928, p.3; ZA-Huis, ZASM, M5-8, VerslagE.H. Ebels/Heer Hartland, Stichting Landverhuizing, 3 October 1932, p.2.

147. Vergelyk E.S. VAN EEDEN, Ekonomiese geskiedenis en die invloed daarvan op Carletonville, Hoofstukke Twee tot Vier.

Wonderfontein the financial outcome for the ZASM appears to have been a raving success because of the profits they made from selling land they obtained for much less. It is unlikely that a notion of preserving a kinsman relation played an important part in any vision or political motive that might have existed with Dutch or South African leaders or even the ZASM executive. Individual motives through the decades since Dutch settlement in Wonderfontein (Carletonville) in 1928, directed the degree of involvement. Financial enthusiasm was a key word in every aspect of Wonderfontein involvement up until the selling of the outstanding property in 1969.